


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

NUWE REEKS: x : 1

Hennie Aucamp



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

COENIE RUDOLPH

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

Februarie 1972

Nuwe reeks IX : 1

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R3 per jaar. Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

INHOUD

Pieter Venter	: Biografie van 'n Onbekende	1
Rose Gronon	: De Droombruid	11
M. Rens	: Batik	17
Lucas Malan	: Die Droë Fontein	19
Greta Sauerma	: Kreet van 'n Bloeisel	27
N. J. Swart	: Suiwer Meganika ?	28
Gerhard v.d. Linde	: Uit 'n Dop	32
Joan Retief	: Rooi Malvas	32
Johan Mostert	: Sê Nici	35
D. M. Greeff	: Drie Prosas	37

BIOGRAFIE VAN 'N ONBEKENDE

Een mooi somer Sondagmôre, so omstreeks halftwaalf, sit ek in die tuin onder die groot moerbeiboom my meer en verknies oor alles in 'n vlaag van selfbejamering toe Klarissa tot my verrassing met 'n klein voustoeltjie verskyn en so 'n endjie van my af gaan sit. Ek sê niks en sy sê niks. Na sowat 'n ongemaklike vyf minute van stilte sê sy dat sy 'n fout gemaak het om ooit te trou. Sy is nie die soort mens wat ooit moet trou nie. Sy is ook nie die soort mens wat verantwoordelikhede kan dra nie. Sy moet vry wees, totaal vry om te maak wat sy wil en te gaan waar sy wil, wanneer sy wil. Ons huwelik is nie regverdig teenoor haar of my nie, en dit maak van haar iemand wat sy nie is nie en wat sy nie wil wees nie. Sy is 'n kunstenaar en het daardie vryheid nodig om skeppingswerk te kan doen. Dis noodsaaklik vir haar bestaan.

Terwyl sy praat, flits sekere belangrike feite deur my kop. Die eerste is dat ek haar daaraan kan herinner dat ek probeer het om haar te oortuig dat ons nie moet trou nie. Sy wou nie luister nie omdat sy dit destyds nie kon insien nie. Daaroor kan ek haar nie kwlik neem nie. Destyds het haar lewe daarvan afgehang. Sy moes met my trou, kom wat wil. Gewoonlik is dit die vrou wat 'n intuïtiewe voorgevoel oor dinge en mense het. In dié geval was dit ek, die man, wat 'n vermoede gehad het. Ek moet haar nie hieroor verwyt nie. Maar wat sy wel moet probeer besef, is dat haar troue met my op daardie tydstip van haar lewe, absoluut noodsaak was. Sy moet haar dus gelukkig ag dat sy haar sin gekry het. En sy het die volle voordele daarvan geniet. Daarvoor moet sy dankbaar wees. Dit kon anders gewees het. Ek kon haar maklik net liggaamlik vir my eie voordeel gebruik het, altyd van troue af weggekram het. Sy kon swanger geraak het en ek kon haar moontlik gedwing het om die vrug te laat afdryf. Ek kon so voortgegaan het totdat sy miskien iemand anders ontmoet het wat presies dieselfde ding aan haar sou doen.

As ek nou aan my eie reaksie van destyds terugdink, is dit glad nie so 'n wonderwerk dat ek vrese gehad het nie. Ek dink dat enige redelik intelligente man nie met haar sou wou trou nie, veral nadat hy haar 'n ruk intiem geken het. Of hy kon maar net 'n onverskillige soort gewees het wat net nie omgee het nie.

Sulke dinge gebeur gedurig oral in die samelewing om ons. Dit kon miskien vir 'n derde keer met 'n derde man gebeur het, maar ek twyfel, want sy is té intens en sou voor dit haar toevlug na drank en verdowingsmiddels geneem het en selfmoord sou ingetree het.

En dan is daar haar algemene belangeloosheid en onvermoë wat praktiese dinge in die lewe betref. Toe ons getroud is, het dit my byna 'n jaar geneem om al haar skuld af te betaal. Sy kan glad nie huishou of koskook nie, behalwe eiers bak, broodsmeer en teemaak. As sy alleen bly, sal dit nie juis 'n probleem wees nie, maar die kind moet 'n goed gebalanseerde diëet hê. Sy kan haar eie sake eenvoudig nie behartig nie,

sy sal gedurig in die moeilikheid wees wat ook sal bydra om haar op die ou end te vernietig.

Maar toe sy klaar gepraat het, het ek niks van hierdie dinge gesê nie. Tot my verrassing had ek nie die moed om die werklikheid te aanvaar nie en ek wou haar nie laat gaan nie. Wetende dat sy nie sonder Gabrielle sal gaan nie, sê ek sy kan loop, maar die kind bly by my — dan in sy mos werklik vry, sonder verantwoordelikhede van enige aard — dit is mos wat sy wil hê. Sy't self so gesê. Ek het haar ook daarop gewys dat in alles wat sy gesê het, het sy net haar eie belange in die oog gehad. As sy haar kind ook in ag neem, dan moet sy anders dink. Die huwelik was goed toe sy dit wou gehad het, maar uit daardie huwelik is 'n kind gebore, 'n kind wat nog haar hele lewe voor haar het en die eerste sewe jaar is die belangrikste. Wat sê sy daarvan?

Hierop sê sy net dat haar huidige bestaan ondraaglik word. Sy wil weg — maar sy is ook nie bereid om sonder Gabrielle weg te gaan nie, en met daardie woorde staan sy op en loop.

'n Uur of wat later kry ek haar in die bed aan die slaap. Langs die bed op die vloer staan 'n byna leë bottel wyn en op die kas tussen 'n klomp goed is 'n oop kovert met pille in. Party lê buite.

Hendrik was vir die hele dag uit; hy het 'n rol in 'n film en hulle is besig met die maak daarvan. Ben is ook uit. Hy was selde tuis en het hom altyd eenkant gehou. Ek is alleen in die groot huis en kan nie lees, of werk van enige aard doen nie. Dis soos wanneer jy 'n siekte het waaraan baie pyn verbonde is. Jy kan net oor die pyn en die siekte dink, jou hele wese konsentreer dag en nag daarop. Ek pas toe maar vir Gabrielle op en speel met haar, maar selfs dit is pynlik want ek weet wat vir haar voor lê, al is sy nog ver te klein om te begryp wat vir haar voor die deur staan.

Ek was bly toe Maandagmôre kom. Maar ook van dié dag af het ek opgemerk dat Klarissa meer en meer aandag aan Hendrik skenk.

Sy staan baie vroeër op, gaan maak koffie en bring dit vir hom in die bed. Dan sit sy lank daar by hom en gesels. Sy laat die bediende ontbyt maak en dit word ook vir hom aangedra. Hulle is die heel dag saam. As hy of sy stad of winkel toe moet gaan, gaan hulle saam uit. Saans was hulle gedurig saam, tot baie laat. Naderhand is hulle uit bioskoop of teater toe, sonder dat Klarissa eers sê hulle gaan uit.

Intussen is haar skrywersvriend, Mark Diwar, wat sy die aand op die party ontmoet het, Kaap toe en briewe word gereeld gewissel. Ek het geen poging aangewend om van hulle in die hande te kry nie. Wat sou dit help? Ek sal tog maar net seerkry en het myself probeer wysmaak dat niks ernstigs aan die gang is nie.

Een aand is daar 'n hele aantrekkery. Miskien was ek net in 'n slegte bui. Ek verneem toe van Hendrik wat aan die gang is. Hulle gaan na 'n party toe. Hy hoop daar is niks verkeerd nie. Klarissa het hom laat verstaan dat ek alles goedkeur — glad nie omgee nie, en hy lyk baie verléë.

Eindelik vriendelik sê ek vir hom dat ek nog nooit in aanmerking geneem is nie. Aangesien sy nog my vrou is en in my huis bly, gaan ek haar gedrag nie langer op hierdie basis duld nie. Ek vra hom toe om asseblief sy goed te pak en ek sal hom na sy hotel of losiesplek neem. Hy kan telefoneer om vir hom blyplek te reël.

Klarissa was in haar kamer besig om aan te trek en weet toe nog niks van hierdie skielike nuwe wending nie. Ek besluit toe om haar self te gaan vertel.

My besluit het Klarissa byna histories van woede gemaak. Sy het my te lyf gegaan en ek moes haar arms vashou. Sy het my probeer byt en skop en het dit ook reggekry. Ek het haar ook 'n paar keer hard van my af weggestamp. Na sowat 'n half uur kon ek haar los sonder dat sy meer weer aanval.

Steeds briesend kwaad is sy na Hendrik toe en sê hy gaan nie weg nie, maar op 'n stil, ordentlike manier het hy maar met sy pakkery aangegaan en gesê dat dit die beste sal wees as hy gaan. Sy houding was uiters beskaafd en korrek.

Ben Benade het ook die grootste deel van die drama gehoor en aanskou, maar het soos 'n Christen stil in die agtergrond beweeg. Op sy gesig was 'n uitdrukking van groot droefheid.

Op die ou end is Hendrik met sy bagasie in my motor en ons is na die hotel waar hy 'n kamer bespreek het. Op pad het ek gesê ek is jammer dat dinge so moes draai, maar dit sal die beste in huidige omstandighede wees. Hy het my verseker dat hy haar geen aanleiding gegee het nie en ek het hom geglo. Ewenwel, ons is goeie vriende uit mekaar.

Ek had nie die moed om huis toe te gaan nie en is toe na 'n koffiekroeg in Hillbrow waar daar musiek is. Daar het ek tot middernag gesit voor ek doodmoeg huis toe is. Alles was donker en ek is reguit na my kamer toe. Slaap was genadig.

'n Moeilike tyd het gevolg. Daar was die gedurige spanning en dae het soms verbygegaan sonder dat ons 'n woord met mekaar praat.

Ons tyd in die huis het tot 'n einde geloop. Ek het vir ons 'n woonstel in Hillbrow gekry. As gevolg van die trekkery en reëlins miskien, het dit beter begin gaan. Albei van ons was bitter jammer dat Ben ook moes weg. Hy is terug Kaap toe om gereed te maak om oorsee te gaan. Ons het albei 'n baie goeie vriend uit die huis verloor. Hy was 'n vriend met wie ons albei kon praat, wat ons probleme geken het en wat vir elkeen altyd 'n woord van aanmoediging en troos gehad het, sonder om hom ooit op te dring of party te trek.

Dit was egter nie lank nie of ons het begin twis oor allerhande dinge. Die getwis het al gereelder, erger en leliker geword en toe het die werklikheid my uiteindelik deeglik bereik. Dit wat eens so mooi en volmaak was, is afgetakel en het in iets verskrikliks ontaard. Ek wou haar nog altyd hou. Ek het nog altyd gehoop dat die situasie gered kan word en vir Gabriëlle se ontwil wou ek nie toegee dat ons pragtige droom tot 'n einde

loop nie — dat daar glad nie meer hoop is nie en dat die dag wat ek van die begin af gevrees het nou aangebreek het. Ek moet haar haar vryheid gee en die gevolge daarvan dra. Ek het wonderlike voordele en geluk geniet. En omdat die geluk so volmaak was, is die medisyne wat ek nou moet drink na verhouding bitter.

Uiteindelik het ek my sielkundig vir die onvermydelike situasie ingestel en toe was dit vir die oomblik nie swaar nie om kalm aan haar te sê dat ek nou volkome gewillig is om haar haar vryheid te gee. En sy kan Gabriëlle ook saamneem. Sodra sy gereed is, moet sy net sê, dan koop ek vir hulle 'n treinkaartjie.

Die volgende oggend sê sy dat sy graag die dag daarna wil vertrek. Ek het plek op die trein bespreek en die kaartjie gekoop. Toe ek die aand tuiskom, is al die koffers gepak. Ek moet net 'n klomp doeke, 'n esel, 'n paar boeke en 'n blik vol verf, borsels en ander skildermateriaal aanstuur sodra ek kan. Dit het ek ook beloof om te doen.

Verrassend vir ons albei vind ons heel spontaan tegelykertyd dat alle spanning skielik soos 'n wonderwerk verdwyn het. Ons is dadelik goeie vriende, en selfs 'n bietjie van die ou geluk het teruggekom. Klarissa het gesê dis ons laaste aand en voorgestel dat ons dit 'n mooi aand maak. Wat kan ons doen? Ons het dit oorweeg om bioskoop toe te gaan, maar dit is van albei kante afgekeur want daar sal ons sit met ons aandag van mekaar afgetrek — skaars bewus van mekaar. Êrens gaan eet waar daar goeie kos en wyn aangebied word en waar daar musiek is en 'n aangename atmosfeer heers?

Dit het albei se geesdriftige goedkeuring weggedra en opgewek het ons gereed gemaak. Ek het haar nog met die hare borsel gehelp en hier en daar puntjies afgesny. Sy was nie juis bedrewe met haar hare nie en ek wou hê sy moet mooi lyk. Sy ook.

'n Middeljarige weduwee, Madge iets, ek kan nooit haar van onthou nie, was ons buurvrou aan die een kant. Sy was behep met die lees van biografieë van beroemde mense en met plaatopnames van operas en het feitlik al haar vrye tyd aan dié twee belange bestee. Sy was altyd, as gevolg van haar eie voorstel, aan ons beskikbaar om in ons woonstel te sit en lees en musiek te luister wanneer ons uitgaan, sodat Gabriëlle nie alleen gelaat word nie. Nie dat sy ooit lastig was nie. Sy was 'n uitstekende slaper en het nooit wakker geword nie. Ek het Madge gaan opklop en binne minute was sy in ons sitkamer in die gemakstoel met haar boek en plate.

Minute later swaai Klarissa en ek, styf ingehak, die straat af op pad na die La Veranda onder in Twiststraat. Gawe kêrel, dié Luigi, wat ons uiters vriendelik en hoflik by die deur ontvang en ons glad nie kwalik neem omdat ons nie 'n tafel bespreek het nie. 'n Paar vinnige reëlins word getref, vinnige Italiaanse woorde aan Tito, sy assistent, en ons sit binne enkele minute by 'n tafel in 'n snoesige halfprivate hoekie want ons het verduidelik dis 'n baie spesiale aand vir ons onder baie spesiale omstandighede wat nie voorsien kon word nie. Niks is uitermatig duur of luksies nie, maar Luigi het smaak, werklike goeie smaak in alles, gebaseer op eenvoud. En dan is daar sy eie, heel oorspronklike dingetjies baie oordeel-

kundig aangewend soos byvoorbeeld die spyskaart op elke tafel. Ek tel dit op maar ons kyk nie na die spyslys nie: ons is albei gretig om heel agterop te sien. By hierdie restaurant vind mens agter op die spyskaart altyd 'n baie mooi gedig. Bo in Italiaans en onder 'n vertaling in Engels, in fyn druk: Saam lees ons:

Deh! perche son d'amor si rari i frutti?
deh! perche del gior si brieve ie tempo?
perche si lunghi e sinza fine i lutti?

Capitolo VIII

O why are the fruits of love so rare?
o why the time for enjoying them so short?
why so long and endless are our griefs?

From the Poem in Terza Rima — VIII

Lindovico Ariosto
1474 - 1533

Elkeen weet dat die ander alreeds klaar gelees het. Haar linkerhand en my regterhand langs mekaar, rakend, hou nog steeds die spyskaart vas; ons oë, steeds op die reëls, staan stil en sien hulle nie meer nie. Elkeen weet wat daardie reëls vir die ander beteken. Dis 'n swart wolk oor ons vrolike aand wat ons skielik in 'n donker skaduwee hangend hou. Ons is vasgevang en bang om daarvandaan voort te gaan. Wat sal ons sê? Wat kán ons sê? Hoe moet ons teenoor mekaar reageer? Hoe gaan ons uit hierdie situasie ontsnap? Enkele sekondes verloop en ons het vinnig die stadium bereik waar ons in die verleentheid is en op die drumpel van ernstige spanning wat vinnig gaan opbou.

Baie na aan die punt waar iets moés en sou gebeur het wat moontlik ons hele laaste aand saam sou bederf het, red Tito ons uit ons penarie en vra vrolik of alles bevredigend is en of ons gereed is om te betaal. Die oplossing was ideaal want dit het ons albei vrygestel van reaksie of kommentaar. Ons kon op ons ou oorspronklike koers ons aand weer voortsit asof daardie voorvalletjie nooit plaasgevind het nie.

Tito het die kenmerke van die aande se spesiale disse met ons bespreek en ons kon sonder baie moeite besluit wat ons verkies. Terselfder tyd is wyn ook bestel en ons sit ons aand baie gesellig voort.

Waar daar voorheen dae en soms weke verbygegaan het sonder dat ons ooit oor iets gesels, het ons nou meer onderwerpe as wat ons kan behartig. Dit is asof al die dinge waaroor ons die afgelope tyd wou praat, maar toe net nie daar was nie, nou skielik opborrel uit êrens waar hulle hulle skuil gehou het.

Ons babbel vrolik voort en elkeen is vir die ander 'n onuitputlike bron van belang — soos in die ou dae toe ons begin het. Alles wat gesterf het, het weer gelewe; plotseling gebloe, soos 'n skielike lente na 'n lang koue

en dooie winter. Daar was weer geesdrif, en bowenal — weer liefde en spontane warmte.

Die kos was heerlik, die wyn uitstekend en in die agtergrond goeie musiek. 'n Verskeidenheid van Italiaanse ligte musiek soos gewoonlik, en later, as 'n spesiale aanbieding, die hoofdis van die aand vir dié wat 'n ernstige belang in musiek het. Weer iets heel besonders.

Luigi het op die orkesverhoog geklim en aangekondig dat daar 'n groot verrassing vir ons wag. Hy wil 'n landgenoot en vriend van hom met groot trots aan ons voorstel: Zanio Diani. En daarmee spring 'n skraal blonde mannetjie van sowat vyf voet ses en met helder blou oë en verrimpelde perkamentvelgesig op die verhoog en maak 'n diep buiging. Hy is penregop en beweeg soos 'n uiters fikse atleet — pure energieke spier en sening onder sy deftige klere.

Ietwat melodramaties kondig Luigi aan dat senior Diani 'n „homo universale” is, 'n man wat nie net in een vertakking van kennis of kuns uitblink nie, maar in baie. Veral is hy 'n kenner van avant gardi-musiek en hy gaan van die beste voorbeelde hiervan aan ons voorspeel uit sy unieke private versameling opnames op plate en ons daarvoor inlig, met spesiale verwysing na die werk van Karlheinz Stockhausen.

Almal klap geesdriftig hande vir senior Diani wat weer 'n diep buiging maak.

„I am a transmitter”, begin hy in uitstekende Engels met feitlik geen teken van 'n aksent nie, „tuned in on the cosmos. I capture vibrations from outer space and turn them into sound waves”, gaan hy voort. „My music isn't one of protest, but rather one of giving new insights of revelation”. So sê Stockhausen, verduidelik hy.

Maar ter inleiding verduidelik hy dat ernstige moderne musiek om en by 1908 by die Skool van Wenen begin is deur Schoenberg, Alben Berg en Anton von Webern. Dis 'n rewolusie in musiek, wat met die abstrakte skilderkuns en Joyee se „stream of consciousness” vergelyk kan word. Die hoofbasis daarvan is die uitskakeling van tonaliteit. Dit is atonale musiek wat bekend is as dodekafonie.

Daarmee draai hy om en soek 'n plaat uit. Net voor hy dit draai, kondig hy aan dat dit 'n vroeë werk van Schoenberg uit daardie tydperk is wat ons as voorbeeld gaan hoor. Die naam van die werk het my ontgaan maar atoomaal was dit wel met tekens hier en daar van tradisionele musiek.

Teen 1923 verduidelik hy, het Schoenberg alle tekens van tonaliteit in sy reeksmusiek uitgeskakel — sy twaalftoonreeksmetode. Die voorbeeld wat hy daarvan gedraai het, was geheel en al atoomaal maar dit het 'n duidelike vorm gehad.

Toe volg 'n voorbeeld van konkreetmusiek — 'n warboel van klanke: deure wat toeklap en stadig oopgemaak word, die klank van 'n hamer op 'n aambeeld, voëlsang, 'n horlosie wat tik, en ander geluide minder herkenbaar, omdat hulle elektronies verander is. Toe dit verby is, sê Klarissa aan my dat dit mos die musikale vorm van die moderne popkuns is.

Stockhausen se beroemde werk, volgens Diani, is sy 'Song of Adolescents'. Suiwer elektroniese musiek. Die klanke geskep deur middel van frekwensiegenerators, Stockhausen se metode. Die uittreksel uit hierdie werk is waarlik ruimtemusiek. Dit is 'n on aardse gekerm. Ek en Klarissa kon nie sien hoe dié klanke met musiek verband hou nie.

Daar was ook voorbeelde van wiskundige musiek wat deur reken-automate gekomponeer is, soos ontwikkel deur ene Xenakis.

Ten slotte, musiek wat hy as 'Chance music' beskryf het — dit kan met 'n 'happening' vergelyk word in die teater en met toeskouerdeelneming, is kinestetiese kunswerke. Daar is duidelik afsonderlike fragmente waarin baie improvisasie plaasvind. Aan ons is gesê dat ene John Cage hierdie metode tot sy uiters ontwikkel het deur die spelers toe te laat om 'enige iets enige tyd' te doen.

Klarissa se handjie is sag, klein en 'n bietjie senuweeagtig, soos gewoonlik, salig in myne terwyl ons die laaste 100 tree opdraan tussen die hoë woonstelblokke langs Edith Cavellstraat in stilte opstap na ons woonstel toe.

Dit was al baie laat en in hierdie deel van Hillbrow is daar gewoonlik maar min mense, en dit was stil tussen die verbyry van motors.

Ek het na ons voetstappe op die plaveisel geluister — hare die kort, skerp en baie vroulike ritme van fyn voetjies in hoëhakskoene, myne dowwer, swaarder, met 'n stadiger ritme. Elke tree was 'n tree naJer na die einde van alles wat daardie aand op die party in Seepunt begin het.

Die treë het al hoe minder geword. Toe, half onnosel, sê ek, ek wonder wat gaan nou van ons word — van jou en van my — ons het elkeen 'n idee maar ons kan nooit seker daarvan wees nie, ons kan nie voorspel nie, daar is altyd te veel onverwagte dinge in die lewe. Ons kan maar net probeer, dis al! Sy het nie geantwoord nie.

Ons het Madge — alreeds aan die slaap op die bank — verskoning gevra omdat ons so laat terug gekom het, haar bedank en nag gesê. Sonder 'n woord aan mekaar het ons uitgetrek en in die bed geklim.

Vir 'n ruk het ons in stilte langs mekaar gelê, elkeen met sy eie gedagtes.

Op die dak van die gebou oorkant ons is 'n neonligadvertensie wat in drie kleure om die beurt adverteer en in die donker kamer wissel Klarissa se uitdrukkingslose gesig van rooi na geel na groen, nes myne wat ek nie kan sien nie. Haar oë was toe maar ek het geweet dat sy nie slaap nie.

So het die nag voortgeduur terwyl ons spontaan alles in ons vermoë gedoen het om al die geluk en liefde van ons hele getroude lewe in daardie paar ure te konsentreer. Dit was 'n nag van die teerste liefde, van die ernstigste bespreking van interessante onderwerpe, van grappe en pret, van verskil, van geluk, vreugde, weemoed en wanhoop, van troos en getroos te word, van opstand teen en aanvaarding van die noodlot in die lewe, van die volste seksuele uitlewing en selfs ook omtrent 'n uur se slaap.

Sewe-uur die volgende oggend staan ek op en trek aan. Vir 'n rukkie het ek na Klarissa se rustige slapende gesig gestaan en kyk, en haar liggies op die voorkop gesoen. Daarna het ek na die byna engelagtige skoonheid van die slapende Gabrielle gekyk en haar ook liggies op die voorkop gesoen. Toe ek die woonstel deur saggies agter my toetrek loop trane oor my wange en op die suidwestelike oewer van die Krokodilrivier, oos van Thabazimbi, het ek onbeheersd onder 'n groot doringboom gehuil en later in 'n kroeg gestaan en drink en toe ek laat die aand dronk die woonstel binnegaan, was dit na 'n ellende van leë kamers, laaie en kaste en die verwronge deel van my wat oorgebly het. Daar sal die leë plek langs my in die bed wees, daar was die leë kinderbedjie langs die muur en die kryt en potloodmerke aan die muur — die harde werklikheid. Die leemte na 41 uur was ontsettend.

Ek had geen belangstelling in enige vooruitsig nie. Trouens ek kon geen vooruitsig sien nie — net eensaamheid en 'n sinlose bestaan sonder doel.

Hoewel ek met moeite loop en staan, het die drank nie gehelp om die skok van my situasie te verlig nie — sover ek kon vasstel. Maar miskien sou dit baie erger sonder die drank gewees het — ek weet nie. Al wat ek wel weet is dat ek net bewus van 'n afrondelike moedeloosheid was. Vir my was daar geen moed of hoop te vinde nie — geen vooruitsig. Dan is die lewe mos sinloos. En as die lewe sinloos is en die las ondraaglik, is dit logies dat daar 'n einde aan gemaak moet word.

Ek gaan toe in 'n gemakstoel in die sitkamer sit om hierdie gedagte te oorweeg en om my sielkundig daarvoor voor te berei.

Die dood, het ek gedink, wis alles waarvan die lewende mens bewus is, volkome en vir ewig uit. Die hiernamaals is 'n mite. Dit is net niks. Dit is net die terugkeer na die niet (noem dit maar so) waaruit jy voor geboorte gekom het. Daarom maak niks ná die dood meer saak nie. Tyd het geen betekenis nie. Maar om tot die daad van die dood oor te gaan, verg moed of 'n versteurde geestestoestand. Die instink van selfbehoud is baie sterk. Almal wéét dat die dood onvermydelik is, maar jy wil dit so lank as moontlik uitstel. Ek het my afgevra, is dit logies, as die bestaan uiters elendig is? Per slot van sake kom dit net eenvoudig daarop neer dat jy jou bewussyn verloor en nooit weer herwin nie. Dit kan nie erger wees nie. Dis maar net die kennis dat jy dit nooit weer sal herwin nie, wat jou afskrik. Maar waarom? Byvoorbeeld eers baie drank en miskien 'n verdoingsmiddel daarby. Dit maak jou onverskillig, dan 'n koeël deur die kop. 'n Moontlikheid. Dalk is dit beter as veel meer ellende en dan nog 'n smartlike en stadige kanker dood. Maar as jy dronk en verdoof is, kan jy dalk sleg skiet, jou lelik verwond en nog 'n aaklige folterdood sterf. Ek het nie die moed om te probeer nie. Genees die tyd nie? Is dit nie 'n moontlikheid en vooruitsig nie?

As ek dan nie 'n einde aan my bestaan gaan maak nie, moet tyd intussen verloop. 'n Tydelike oplossing is om te slaap. Só kan mens minstens vir 'n ruk van alles ontslae wees. In 'n diep, droomlose slaap is daar nie soiets soos 'n persoonlike bestaan, die bestaan van ander wesens, gebeure,

omstandighede, drange en behoeftes, die wêreld of die heelal nie. Daar is geen verlede, hede of toekoms nie. Dit is 'n onbewustheid van tyd en ruimte, en hoewel die brein lewe, is dit geslote vir hierdie of enige begrippe.

Geestelik en liggaamlik tam, moeg en gedaan slinger ek na die slaapkamer, pluk my klere haastig en onhandig van my liggaam af, smyt hulle op die vloer neer en val in die bed. 'n Oomblik later lig ek moeisam op een elmoog om die lig af te skakel en laat my kop hard op die kussing neerval. Slaap, slaap, slaap herhaal ek in my gedagte wat tot stilstand gekom het. My oë is toe. Slaap, slaap, slaap, gaan ek voort aan myself. Maar plaas daarvan dat ek myself aan die slaap hipnotiseer, begin ek aan die verlede dink en met dié gedagtes begin daar tonele voor my geestesoog verskyn — soos illustrasies, of liever foto's, wat die hoofstukke van 'n storie in 'n boek illustreer. Eers vaag en vlugtig. Ek het die flitse gesien van ons laaste oomblikke, ure en dae saam — al verder en verder in die verlede. Hoe langer gelede, hoe langer het die tonele geduur en hoe duideliker het hulle geword. Terug in my kinderdae het hulle soos 'n rolprent aaneengeloop. Ek sien weer ons vaal ou plaashuis onderkant die kalkrand op Koevoetklip se kaal vlaktes, met sy breë stoep, wit houttralies, die groot ou peperbome voor, sy yster-tuinhekkie wat skreeu as jy hom oopmaak, die tuinpaadjie tussen twee rye bakstene, skuins, halfpad in die dorre grond geplant, die paar kennas, geel gousblomme en viooltjies hier en daar in klompies en rye; ek hoor weer die doef, doef elke nou en dan van vader (vader drink net gou 'n koppie koffie in die kombuis) se ryperd se hoef op die grond waar hy by die agterdeur aan die ysterpaal vasstaan. Die gekkel van 'n hoenderhen by die stal; in die nag in die winter — die geblêr van lammers in die kraal en in die waenhuis, die groot horlosie in die eetkamer wat slaan en dan in die swart stilte my lewe met sy tik-tik-tik onverbiddelek afmeet; die weemoedige klanke van die serfyn deur moeder bespeel, vader se diep basstem: Ps. 44 vers 3; ek voel weer die harde vuil vel en hare op 'n vark se rug, 'n koei se speen en die lamte van my duime, die brand van parafien en kerswas saans in die winterkrake in my hande en voete en die ysterslinger van 'n wabriek. Ek ruik weer rieme wat gebrei word, die stank van die bokram agter die draadheining, warm melk in 'n dopemmer, seep wat in die groot ysterpot kook en die kleinhuisie agter die kweperlaning; ek proe weer 'n bloekomblaar wat ek byt, kaiings en growwe brood, turksvye en kasterolie.

'n Harde slag onder in die straat laat my groot skrik. Ek spring op en kyk by die venster uit. 'n Motor het blykbaar teruggeplof. Toe klim ek weer in die bed. Die groot neonligadvertensie op die dak van die gebou skuins hieroorkant fliets sy kleure op die muur oorkant my bed: groen, geel en dan rooi. Onafgebroke herhaal die siklus homself. Daarop volg die bobbejaan vas aan 'n paal so 'n ent van die kombuisdeur, die sak wat hy gewoonlik saam met hom rondsleep, of gebruik om hael mee te keer en in sy kas bo-op die paal mee te slaap; die dag toe ek 'n blik goue stroop uit die kombuis gesteel en aan die bobbejaan gegee het; hoe hy hom daarmee besmeer het en eers nadat hy klaar met sy etery was, van sy taaieheid bewus geraak het. Dit het hom vir ure soos 'n besetene laat te kere gaan. Ek het my byna doodgelag en met die pakslae daarna het ek my byna doodgehuil. En daar was die dag toe ek 'n lewendige slangetjie in 'n bruin

papiersak aan die bobbejaar gegee het. Hy het baie skielik van skrik die hele wêreld om hom met mis „gesprei” en stuipe gekry.

Toe slaan die beelde skielik oor na my speelgoed — van my jonger dae (vier en vyf), dinge waarvan ek skoon vergeet maar dadelik erken het toe ek hulle weer sien. Ek word vinnig jonger en jonger en die beelde word onsamehangende insidente en flits al vinniger en vaer en vaer totdat ek niks meer sien of weet nie. Maar ná ’n onbepaalde tyd verloop het, keer ’n ondervinding van baie jare gelede weer terug.

Daar was ’n tydperk in my lewe toe ek ’n sekere droom herhaaldelik gehad het. Altyd presies dieselfde droom. In die droom het ’n meisie uit nêrens voor my verskyn. Na ek wakker geword het, kon ek egter nooit onthou hoe sy lyk nie. Nie die vaagste idee nie. Wat ek wel weet, is dat sy hoegenaamd geen vreemdeling is nie. Trouens ek is intiem betrokke. Met ’n hart vol ellende en angs smee ek haar elke keer om nie selfmoord te pleeg nie — altyd met dieselfde woorde wat ek nooit kan onthou nie. En terwyl ek smee en pleit, val sy my in die rede — geduldig en met ’n sagte stem: „Maar ek het dit alreeds gedoen. Hoe kan ek nou terugkom en dit ongedaan maak?”

Daarna, geen gevoel, geen emosie, geen teken van ’n gedagte nie. Net donker, swart, pikswart. En dan nie eers swart of donker nie. Sommer niks, absoluut niks.



DE DROOMBRUID

Of ik hem gekend heb? Natuurlijk heb ik dat. We waren toch leerlingen op hetzelfde kollege — niet in dezelfde klas, hij was een jaar of drie ouder dan ik. Maar in die kille gevangenis waren we ziek van eenzelfde heimwee, naar dezelfde stad, naar dezelfde buurt, naar dezelfde wijde, stralende rivier. Later — ja, later hadden we elkaar uit het oog verloren. Mijn ouders waren verhuisd, en hij was getrouwd. Had ik nog tien keer aan hem gedacht? Waarschijnlijk niet.

Hoe lang is het nu geleden, dat ik hem in de trein ontmoette? Vijf jaar? Nee: zes nu, in november. Ik kwam zoals alle dagen van mijn werk naar huis terug — ik had toen nog geen wagen. Hij was voor zaken die dag naar Brussel geweest. We stonden verbaasd tegenover elkaar — verheugd, onhandig — in hetzelfde coupé.

Ik had hem zò herkend. Hij was de veertig een heel eind voorbij, hij was dikker geworden, en erg kaal, maar ik had hem herkend. Dat ei-rond, rozig gelaat, die bleekblauwe ogen en, in het argeloze clown-masker, die mooie bittere, zuiver-getekende mond: dat kon niemand anders zijn dan Geert Roelsen.

We klopten elkaar op die schouder, we vroegen elkaar honderd uit. Hij had het tot hoofd-kassier aan de „Bank van Overzee” gebracht. Hij was getrouwd. Hij had, helaas, geen kinderen. „En jij?” vroeg hij, en duwde met de wijsvinger zijn bril recht. „Ben jij ook getrouwd?”

Ik lacht: in die tredmolen kregen ze **mij** niet ingespannen. Ik maakte er een grapje over — niet erg betamelijk, dat moet ik bekennen. Dat was ik mijn onafhankelijkheid verschuldigd, dacht ik schamper — en, de Hemel weet waarom, met een plotse, bokkige en onredelijke spijt. Hij werd er rood van, en ik voelde me wijs en ervaren, ontspannen, en zeer tevreden over mijn cynisme. Hij zweeg een tijdje, duwde weer die bril van hem recht: „Je zou ons moeten komen bezoeken,” zei hij schuchter. En toen keek hij op, vatte ineens moed: „Ja, kom bij ons souperen. Emmy kan goed koken, dat zul je wel ondervinden. We kunnen daarna babbelen, een sijaartje roken, een glas drinken. Wil je?”

Ik dacht: „Doe het niet! Laat je niet binden...” en tegelijkertijd hoorde ik mezelf zeggen: „Wel — heel graag. Donderdag?”

Hij straalde: „Donderdag!” en hij gaf me zijn adres.

Zo begon het, en het duurde volle vijf jaar. Elke donderdag, precies om zeven uur, belde ik bij Geert Roelsen aan, en werd reeds van op de drempel door succulente walmen begroet. Emmy **kon** koken. De gerechten die ze op tafel bracht waren misschien zonder veel fantasie bedacht, maar ze waren stevig, copieus en, in hun aard, volmaakt. Ik maakte haar uitbundig het hof, prees haar culinaire wetenschap en beweerde dat ik haar, uit zuivere gulzigheid, van onder het echtelijk dak zou roven. Ze glimlachte, en antwoordde niet. Ze behandelde me als een verwend kind. Misschien voelde ze zich gevlaid. Ik heb het nooit geweten.

Stevig, copieus, zonder veel fantasie. Zo waren de maaltijden, zo was het huis, zo was hun leven. Het huis stond in de rij, aan de rand van de stad: tuintje aan de straat, grotere tuin achteraan, salon en eetkamer en veranda met koepellicht van gebrand glas. De meubels waren zwaar, lelijk, en glanzend, met bronzen ornamenten. Na vijftig jaar trouwe diensten aan de Bank had Geert van zijn kollegas een marmeren beeld ten geschenke gekregen: een peinzende, zuur-kijkende Dante. Emmy was er heel trots over. „En zwaar dat het weegt,” zei ze telkens weer, met kinderlijke tevredenheid. Kinderachtig, dacht ik, geprikkeld. Maar dat zei ik niet.

Ze gingen elk jaar met verlof aan zee, en elk jaar huurden ze daar hetzelfde appartement — ergens in een zijstraat, ver van de rumoerige zee-dijk. En daar leefden ze precies als thuis: dezelfde ronde van ontbijten, dineren, souperen en slapen gaan — behalve dan, dat Geert niet naar de Bank hoefde, maar zijn vrouw naar de markt vergezelde en wat meer tijd aan zijn krant spendeerde. Ik lachte ze uit, ik vertelde over mijn eigen zwerftochten in vreemde landen, ik stuurde kleurrijke zichtkaarten, ik bracht onverwachte geschenken mee. Ze bedankten, ze lachten met me mee, maar veranderden niets aan hun jaarlijkse ommegang. Zo vonden ze het immers goed, zegden ze. Ze waren tevreden. Toen ik mijn wagen kocht, inviteerde ik ze, 'n zondags, voor uitstapjes. Ze bedankten. Emmy werd misselijk in een wagen, zegden ze, en Geert sliep 's zondags graag uit.

Waarom bleef ik toch bij de Roelsen komen? Week na week, elke donderdag, jaren achtereen? Ik weet het zelf niet. Soms dacht ik: „Hier kom ik nooit meer terug. Het huis ruikt naar boenwas en naar gestoofd vlees, en ook naar schimmel, naar kamers die nooit genoeg verlucht worden, en naar mufte liefde, die niets meer is dan een gewoonte, een aaneenschakeling van gebaren . . .” Maar ik kwam terug. Ze waren zo door goed en vriendelijk. We zaten aan tafel, we dronken een glas wijn. Emmy breide, of borduurde, of viel voor het T.V. scherm in slaap. Wij speelden schaak.

Hij speelde goed — veel beter dan ik. Kalm, gemeten, met voorzichtige zetten. Soms kon ik hem schaakmat zetten. Maar dat gebeurde slechts heel zelden. Terwijl ik me reeds in de onvermijdelijke nederlaag schikte, had hij één van de laatste stukken plots gegrepen en verschoven: een onbegrijpelijk manoeuvre, een geniale vergissing, een wilde en chimerische strategie. Hij keek dan stom-verbaasd naar de ondergang van zijn koning, duwde zijn bril recht, en lachte verlegen. „Ik wilde . . .” zegde hij dan, maar ging nooit verder. Hij schikte zorgvuldig de stukken in hun doos. Zijn handen beefden.

Hoe lang heeft het geduurd? Tot ik — ja, ik, de zwerver, de hoogmoedige, de verstokte vrijgezel — me ook liet vangen. Hoe verkeerd zeg ik dat! Maar het is een oude gewoonte van me, zo te spreken. Mijn vrouw neemt het me niet kwalijk. Ze lacht er om.

Ik had Hilde leren kennen — op kantoor. Toen ik haar zag wist ik, dat we reeds onherroepelijk verbonden waren. Ik spartelde tegen, zo lang ik kon. Mijn gezond verstand zei me, dat ik te oud was voor het avontuur. Aarzelend kwam ik nader, stap voor stap, en zij deed niets, om me te vangen. Ze was zichzelf, niets meer. Ze keek me aan, haar wijze ogen lachten. Een maand later waren we verloofd. In de komende winter zouden we trouwen.

Ik was verslagen, ik was gevangen. Op kantoor wenste iedereen me wijd grinnikend geluk. Aan de Roelsens zei ik niets. Ik bleef bij hen elke donderdag te gast zijn. We dronken een glas wijn, we speelden schaak. Emmy viel in slaap, haar breiwerk op schoot. Tot ik plots, één maand, voor het huwelijk, er alles uitflapte. „Ik ga trouwen,” zei ik brutaal.

Ze gaapten me sprakeloos aan. Dan schoof Geert zijn bril recht: „Wanneer?” vroeg hij. En Emmy, die de gevallen steken aan haar brei één voor één oprapte, vroeg: „Met wie? Hoe heet ze?”

Ik gaf hun een briljante beschrijving van mijn aanstaande vrouw. De hemel weet of Hilde geen bonte epiteten van doen heeft! Er is licht in haar: waar ze ook gaat schuiven de schaduwen achteruit.

Maar hoe kon ik dat aan Geert en Emmy diets maken? Ik improviseerde, ik geraakte op dreef, ik holde voort. Ik beschreef uitbundig haar elegantie, haar modieus kapsel, haar lichte tred — haar intelligentie, haar goede smaak, haar fantasie. En eer ik het zelf wist, werd elke bijzonderheid een aanval op de rustige verveling van hun zelfzekerheid. Ze schenen het zelfs niet te snappen. Geert zei: „Daar drinken we op,” en haalde een fles champagne uit de kelder. De wijn kraalde in onze glazen, en ik zei: „Geert op jou en op Emmy reken ik voor het huwelijk. Je fungeert als getuige, niet?”

Ze keken elkaar aan, en Geert zei: „Ik weet niet of ik me vrij kan maken. Het einde van volgende maand, zeg je? Dan is er altijd veel werk op de bank . . .”

Ze bleven erbij. Ze zegden: „Tot volgende donderdag?” Maar ze vroegen niet om met Hilde kennis te maken.

Ik had ze moeten laten. Ik had moeten wegblijven, ze aan hun grijze, veilige rust laten. Ik deed het niet. Ik kwam de volgende donderdag terug — uit bokkigheid, uit balorigheid, uit perversiteit? Ik weet het niet. Ik kwam terug en ik sprak over niets anders dan over Hilde: over de jurken die ze bestelde, over de bontmantel die ik haar gegeven had, over het appartement dat we gehuurd hadden aan de overkant van de rivier — en dan weer over Hilde, over Hilde, over Hilde . . .

Het was een spel geworden, een boosaardig spel. Ik werkte aan mijn beschrijving als een schilder aan een schilderij. Een lijn hier, een streep daar: wit en zwart en groen, en grote kladden vermiljoen. Er was geen trek dat ik niet aandikte, geen kleur, die ik niet in helle gloed zette. En dat fonkelend beeld plantte ik met boosaardig jolijt midden in hun grijze, schuwe, gesloten bestaan. En alles aan hen scheen men nu zo grauw en vaal en stofferig en eng.

Ik wreekte me — over wat? Ze waren toch goed en vriendelijk voor me geweest. Ze hadden zich ingespannen om het me naar de zin te maken. Het was toch hun recht, de schaduw te kiezen boven het licht, de gesloten kamers van hun gewoonten boven het avontuur? Terwijl ik 's nachts naar huis reed overdacht ik grinnikend mijn monologen. Ik lachte — maar er was iets, diep en onduidelijk in mij, dat zich schaamde. Ik hief de schouders op: wat verkeerd had ik gedaan? Overdrijving is toch liefdes goed

recht? En ik was verliefd. Maar ik gebruikte mijn liefde als verontschuldiging voor mijn boosaardigheid, en dat was verkeerd.

Ze gaven me een vaas tot huwelijksgeschenk, een peperdure kristallen vaas, waar geen enkele bloem in past, en die nu, zorgvuldig ingepakt, in een koffer geborgen is. Maar ze bleven bij hun besluit. Op het huwelijk zag ik ze niet verschijnen. We inviteerden ze, Hilde en ik, zodra we van de reis weer thuis waren. Ze vonden uitvluchten, ze kwamen niet. Ze traden zo volledig uit mijn leven, dat het soms was of ze nooit bestaan hadden. Hilde werd zwanger. We waren gelukkig — ik vergat ze.

En toen — dat is nu drie maand geleden — verscheen Emmy bij mij op kantoor. Ze zat kaarsrecht op de smalle, rechte stoel, de handen stijf over haar tas gevouwen. Ze antwoordde met ja en neen op mijn vele vragen. Ik sprak luid en vlug, in opzettelijke vriendschap. Er was iets in me, dat zich vaag schaamde en bang werd. En ineens keek ze op, en zei: „Geert is weg. Hij heeft me verlaten.” En ze barstte in tranen uit.

Ik stond als aan de grond genageld, — stomverbaasd, lamgeslagen. Toen zei ik: „Geert? Geert? Dat is krankzinnig!” Ik sprong recht, ik sloeg mijn arm over haar schokkende schouders heen, en ze vertelde.

Ze had wel gemerkt, zei ze, dat hij de laatste maanden veranderd was. Nog stiller geworden — en soms, plotseling, voor een niemendal, lastig, bokkig, brutaal-onverzettelijk. Ze had het zich niet erg aangetrokken. Er was een nieuwe onder-direkteur op de Bank, en niemand die met hem over de baan kon. Ze dacht, dat Geert het zich aantrok, en dat het met de tijd wel over zou gaan. En toen was hij op een goede avond met zijn voorstel voor de dag gekomen. Ze waren aan het avondeten; hij had zijn kopje tee uitgedronken, en gezegd, dat hij aan scheiden dacht. Als zij het goed vond, natuurlijk.

Ik vroeg: „En wat heb je gezegd?”

— „Ik heb gelachen,” zei ze. „Ik dacht, dat het een flauwe grap was. Maar het was hem ernst! Hij had de vrouw van zijn leven ontmoet, zegde hij, de bruid van zijn diepste dromen — ja, zo zegde hij. Het was een toeval, een kans op honderdduizend, een mirakuleuze glimlach van het lot. Ze hadden elkaar ontmoet, en plots geweten dat, sedert alle eeuwigheden, ze voor elkaar bestemd waren. Sedert eeuwigheden hadden ze elkaar gezocht, en nu eindelijk gevonden. Onherroepelijk waren ze aan elkaar verbonden.

— „Zei Geert dat?” vroeg ik. „Geert?” Het was potsierlijk, dacht ik, de kleine dikke Geert, met zijn ei-ronde, kaal-blinkende schedel, zijn blauwe ogen, de bril die hij met de wijsvinger rechtschoof. „Is die gek geworden?”

— „Ik weet het niet,” zei ze. „Hij sprak verder heel redelijk. We zouden scheiden. Hij zou me alles laten, de huizen, de waarden. Hij zou een deel van zijn wedde afstaan. Ik zou niets te kort komen. Maar hij moest weg.”

— „En wat zei je toen?”

— „Ik weigerde. Kort en goed. Ik heb niet gepleit of niet gesmeekt. Ik heb kort en bondig gezegd, dat ik het niet deed.”

— „En dan?”

— „Niets,” zei ze. „We hebben als naar gewoonte naar de T.V. gekeken, we zijn gaan slapen. Een week later is hij er weer over begonnen, en toen weer eens. Altijd heel redelijk, heel kalm. Hij kon niet meer bij mij blijven, zei hij. Hij had gedacht dat hij van me hield, maar het was een vergissing geweest. Nu zag hij dat wel in, nu hij zijn droombruid ontmoet had. Hij kon niet meer blijven: ik moest dat begrijpen. Ik vroeg, of ik geen goede vrouw voor hem was geweest. Zeker, zei hij, zeker. Hij was me heel dankbaar. Maar het kon niet meer langer duren. Hij had Olympia ontmoet.”

— „Olympia?”

— „Ja, Olympia. En toen ik gister met mijn pakken van de mark thuiskwam, stond hij daar. Hij had een halve dag verlof gevraagd, zei hij, om zijn koffer te pakken. En dat heeft hij gedaan: hij heeft een koffer gepakt, en hij is weggegaan. Hij heeft de deur achter zich dichtgetrokken, en hij is gegaan. En wat moet ik doen, wat moet ik nu doen?”

— „Wat zeggen ze op de Bank?” vroeg ik.

— „Ik durf er niet naartoe, zei ze, en ze schreide. „Ze zullen me grinnikend staan aangapen, en me achter mijn rug uitlachen.”

— „Ik zal gaan,” zei ik.

Het goot. Ik wachtte onder een portiek, recht tegenover de pompeuze dorische zuilen van de „Bank van Overzee.” Geert Roelsen kwam als laatste buiten. Hij duwde voorzichtig zijn paraplu open, en liep de glimmend-natte straat over. Ik volgde, en ik had tijd genoeg om te vloeken, want hij trok naar een buitenwijk, een gore buurt van fabrieken en pakhuizen. Ik volgde — ik wilde die Olympia van hem zien. Ik dacht: „Wat voor slet heeft die onnozelaar op straat opgeraapt? Wat heeft ze hem wijsgemaakt? Waar rekent ze op? Hij is niet jong, niet mooi, niet rijk —”

Hij ging tweemaal een triestig winkeltje binnen, en kocht brood en worst. Toen hij uiteindelijk het huis binnenstapte — een grauw pensioen-huis met melaatse muren — stond ik naast hem. Hij schrok, en liet een van zijn pakjes vallen. Maar hij herstelde zich vlug genoeg: „Kom mee naar binnen,” zei hij. „Ik zal tee zetten.”

We zaten tegenover elkaar in die anonieme kamer, waar niets op de aanwezigheid van een vrouw — om het even welke vrouw — ook duidde, en hij schonk de lauwe, fletse tee in. Ik vroeg: „En Olympia?”

Hij kromp in elkaar, heel even — dan keek hij op, duwde zijn bril recht. „Ze is nog niet hier — ze werkt laat. Ze komt wel. Ik wacht op haar. Ze komt wel.”

— „Waar werkt ze?” vroeg ik, en ik dacht: op straat —

— „Bij Notaris Fensen, in de Keizerstraat,” zei hij vlug. „Ze is ver-
bazend intelligent, weet je? Ze stellen haar zeer op prijs. Maar de uren
zijn lang.”

— „Luister,” zei ik. „Geert, ben je je zinnen kwijt?”

Hij veerde op: had ik hem door de straten achtervolgd, enkel maar
om hem te beledigen? En ook de vrouw die hij liefhad, die hij zo miraku-
leus ontmoet had. De grijze schemering van hun leven was aan scherven
uiteengespat: ze hoorden bij elkaar, dat hadden ze onmiddellijk begrepen.
Begreep ik dat niet? Ik moest het begrijpen. Ze was zo zacht, zo mooi, zo
vol speelse fantasie, zo elegant, zo verstandig. Ze zouden samen lange rei-
zen ondernemen. Hun bestaan zou één volmaakte, schitterende reis wor-
den.

Ik keek hem verslagen aan. De kleine, dikke Geert Roelsen, met de
fletse blauwe ogen die bijziend achter de brillenglazen keken, dié zich star
gekeken hadden, zijn leven lang, op lange cijferkolommen, en nu blind wa-
ren van een nieuwe, ongekende heerlijkheid. De goeie saaie Geert, die zo
knap schak speelde, en soms, met één enkele chimerische zet, zijn zege
verknoeide, en door zijn tegenstander schakmat werd gezet . . .

We wachtten en wachtten in de kille kamer. We zwegen en wachtten.
Ik zei: „Komt ze dan nooit?”

Hij glimlachte: „O ja, ze komt zeker en vast. Het kan laat worden,
maar ze komt. Ze weet dat ik hier op haar wacht.”

Het werd heel laat. Ik liet hem alleen. Hij bleef wachten.

Wat moet ik verder vertellen? Ik trok naar de studie van Notaris
Jensen, maar niemand kende daar een Olympia. De enige vrouwelijke be-
diende was de lelijke en vertueuze dochter van de eerste klerk. Ze heette
Julia.

Op de „Bank van Overzee” werd ik bits ontvangen. Ja, ze hadden het
wel gemerkt dat Geert Roelsen in de laatste maanden erg geheimzinnig
deed. Hij had zich een paar woorden laten ontvallen — ze hadden er har-
telijk om gelachen. De goeie ouwe Geert, die een slippertje waagde! Maar
dat was toch nog geen reden, zei de onder-direkteur dunnetjes, om zonder
verwitting weg te blijven. Waarom was hij deze morgen niet komen op-
dagen?

Ik sprong in de wagen, ik reed naar het miserabele pensioenhuis. Die
Meneer Roelsen? zei de hospita. Die had betaald, die was met koffer en al
diezelfde morgen vertrokken. Alles was in orde: hij had betaald. Een
vrouw? Een vrouw by Meneer Roelsen? Wat dacht ik wel? Haar pen-
sioenhuis was een deftig huis. Er was nooit een vrouw bij Meneer Roelsen
geweest.

Ja, wat moet ik verder vertellen? Geert Roelsen is verdwenen. Hij
heeft geen zelfmoord gepleegd: daar neemt men geen koffer voor mee. Hij
is verdwenen, gewoonweg verdwenen. En ik heb een bittere smaak in de
mond, die ik niet wegspoelen kan.

MAGDALEEN RENS

BATIK

Een of ander rankplant
stoot sy groen tentakels
uit 'n wynrooi woud
en gryp my aan

rooi bessies knop
aan geel spirale
soos albasters teen die maan wit skywe hang
aan geil gedraaide blare

en oor die oerwoud
kruip die krake swart
soos uitgedroogde are.

ONTVLUGTING

Ek wil dolwe
soos 'n mol
diep in die aarde in

waar geen oë
in my oë
in kan kyk
of ek
in ander oë
in moet kyk nie

waar geen
gif-gedrup
my ore
kan bereik nie

Ek wil wegkruip
tussen
saamgeperste elemente
wat my
vas sal druk
totdat
my vlees en bloed
disintegreer

ek wil de-voleer
om terug te keer
tot stof
tot net
bewus wees dat
Ek Is

ek wil die evolusie-gang
ontwyk
ek is nie mansgenoeg
vir menswees.

DIE DROË FONTEIN

'n Kort spel vir die Paastyd

Karakters

MARIA die moeder van Christus

MARIA MAGDALENA

JOHANNES

MAN 'n handelaar van die streek Judea

EERSTE VROU ... jonk en vriendelik

TWEEDE VROU ... met 'n donker, vermoede stem

(Geluid van erdewerk wat hanteer word. Water uit 'n kruik.)

Maria: Sal Johannes nog kan sien daarbinne, Magdalena? Dit begin al donker word . . .

Magdalena: Skryf hy nog? Ek het gedink hy's klaar; hy het netnou al agter uitgestap.

Maria: Hy's nog steeds besig. Hy het seker net gaan stap, netnou.

Magdalena: Ek sal die lamp vir hom opsteek.

Maria: Toemaar; gaan jy voort met die etc. Ek sal dit vir hom neem. Ek wil sommer met hom praat ook. Jy kan maar roep as ons moet kom eet.

(DOOF UIT)

Maria: Johannes? Is jy nog altyd besig? Ek het vir jou die lampie gebring. Dis al so donker hier.

Johannes: Dankie, Moeder. Sit maar hier neer; ek is byna klaar. Dis so moeilik om alles in woorde neer te skryf. Aan die begin was dit maklik, want die woorde het vanself gekom. Maar nou is daar soveel woorde in my; dis soos 'n menigte voëls wat 'n mens met een slag in jou hand wil vang . . .

Maria: Ek weet, Johannes. My gedagtes is net so vol. Ek gryp ook rond, maar dit voel . . . soms of woorde alleen nie meer pas nie. As ek dink aan die vervulling van hierdie dae, gaan my gedagtes so vinnig terug na die begin daarvan toe. Tóe was daar ook geen woorde nie; geen taal kon beskryf wat ek alles gevoel het nie. Johannes — sou jy verstaan? Jy wat Hom ook lief gehad het? Dié dag toe die belofte na my gekom het . . . dis nou so véer; en tog brand daardie dag nog in my.

Dat 'n dag so wyd, so wit kon wees!

(POUSE)

En nou is dit vervul; alles — soos daar gefrofeteer is.

En jy het hiervan ook geweet . . .

Johannes: My moeder het my vertel van u geluk.

Maria: Dis vandag nog so, Johannes. Maar daardie tyd het ek minder geweet as nou. En my geluk was anders . . .

Johannes: U het Hom lief gehad. En u beween Hom nie soos ander nie — ja, ek weet Hy is nog by ons . . .

Maria: Ek onthou die dag toe ek na Elizabeth toe gegaan het. Ek was haastig, want my hart was vol wonderlike dinge. Langs die pad het ek 'n vrou teë gekom, 'n jong vrou met 'n kind in haar arms. Sy . . . het my aan 'n duif laat dink . . . haar oë was so ság. En Elizabeth — my vreugde het in háár gekom! 'n Lofsang het uit my gebreek, ek weet nie meer hóé nie . . . Johannes, sou jy dit verstaan? Jy wat Hom ook liefgehad het?

Johannes: U het Hom anders liefgehad as ek, Moeder.
Geseënd is u onder al die vroue!

(POUSE)

Maria: Maar hy was nooit my Kind nie; ek het Hom nie behou nie. Hy het my . . . „Vrou” . . . genoem . . .
Johannes, ek wil weer na my mense in die gebergtes van Judea gaan. nou dat al hierdie dinge vervul is. Dit is soveel jare nou . . .

Johannes: Ons het u verwaarloos, Moeder, ek weet.

Maria: Nee my seun; ek verlang net die afgelope dae na my mense. En daardie klein vallei waar ek as 'n kind gespeel het. Daar was 'n fontein waar ons altyd gaan water haal het . . . Ek wil dit graag weer sien.

Johannes: Ek sal saam gaan, Moeder.

Maria: Nee, ek sal alleen gaan.

Johannes: Maar dis 'n onherbergsame streek, Moeder!

Maria: Ek ken die streek van kindsdae af, Johannes.

Johannes: Ek sal Magdalena vra om u te vergesel.

Magdalena: Moeder? Johannes? Is julle klaar? Die kos is gereed.

Johannes: Magdalena, Moeder wil haar mense gaan besoek; in Judea.

Maria: Naby Hebron.

Johannes: Sal jy saamgaan?

Magdalena: Maar natuurlik. Wanneer wou Moeder gegaan het?

Maria: Dis nie nodig nie . . .

Magdalena: Maar dis bergagtig en die dorpies verspreid. Waar sal u oornag? Dit sal vermoeiend wees om in daardie droë streek alleen te reis; die paaie is so swak.

Maria: Ek het my weg tot hier gevind, Magdalena. Ek sal veilig wees op hierdie reis. En ek wil alleen wees. Julle hoef nie te bekommer nie, Johannes.

Ek wil môre nog vertrek — voor dagbreek.

Magdalena: Ek sal vir u gaan voorberei.

Johannes: U moet een van die esels neem . . .

(DOOF UIT)

Man: Die pad verdeel net anderkant die heuwel. U sal sien dat daar 'n pad teen die heuwel uitgebou is. Dit sal geriefliker wees as u daarlangs gaan. Op die kruin is daar twee palmbome; u kan daar vertoef, want dis 'n steil pad boontoe.

Maria: Baie dankie, ek sal nou regkom.

Man: Het u water? U sal nie gou weer water kry nie.

Maria: Ek het die esel laat drink en vir myself gesorg. Ek ken die streek; ek het vroeër hier gewoon. Maar dis baie lank gelede; die paaië het verander . . .

Man: Kom u van Jerusalem?

Maria: Ek het vanoggend daar vertrek, ja.

Man: Ons verneem van baie dinge hier; van die dinge wat in Jerusalem gebeur het. Ons weet van die profesieë. Nou word daar gesê dat die Man van Nasaret gekruisig is en dat Hy weer opgestaan het. Weet u van dié gebeure?

Maria: Ek het alles meegemaak. Ek is juis op pad na my familie in die bergreeks van Judea, naby Hebron, om dit ook aan hulle te gaan vertel.

Man: Vrou, dan het u meer gesien as waarvan ons ooit sal verneem. Ek kom dikwels in hierdie streke, en as handelaar besoek ek al die dorpe. Ek sal graag van alles wil verneem. Mag ek met u saamloop?

(DOOF UIT)

Man: Hier is die palmbome nou. Ek dink u moet eers hier vertoef. Ek het u vermoei met al die vrae; dis nog 'n lang pad en dis baie warm.

Maria: Vanaand sal ek gaan rus. Dit was goed om met iemand te kan praat. Die woorde van die apostels sal julle mettertyd bereik. Dit sal alles bevestig wat ek vandag vertel het.

Man: Ek is dankbaar dat ek dit van u kon hoor. As u in die dorpie kom, kan u verneem na mense wat my ken. Hulle sal u herberg gee. U behoort teen sononder daar te wees.

Maria: Dit was vriendelik van u om saam met my te loop.

Man: Ek sou graag verder saam met u wou reis . . .

Maria: Ek sal veilig wees. Die esel hou nog goed en teen môreaand behoort ek by my mense te wees.
Tot siens, en nogmaals dankie.

Man: Mag dit goed gaan op u reis!

(DOOF UIT)

1e Vrou: U is welkom in ons huis! Dis maar selde dat ons besoek ontvang, maar ons waardeer dit des te meer. Veral 'n vroulike reisiger is skaars. Dis maar meestal die handelaar wat by ons oornag, maar hy vertel sulke interessante stories van al die dorpe.

Maria: Dankie, Vrou. Ek wil net vanaand vertoef. Ek moet môre verder na familie. Die mense hier is vriendelik; ek onthou hoe ek as kind hierlangs . . .

1e Vrou: Dan ken u hierdie streek? Dit maak my huis se deure vir u wyer oop! Kom u van Jerusalem? Daar is soveel stories hier in omloop oor die Man van Nasaret. Miskien weet u van die gebeure daar die afgelope tyd?

Maria: Dit is alles . . . aan my bekend; van die eerste dae af. Ek sal graag vertel — as ek net eers kan rus. Dit was 'n vermoeiende dag; u sal verstaan; ek is nie meer so jonk soos u nie . . . dit was baie warm vandag . . .

1e Vrou: Natuurlik! Ons vergeet so maklik dat reisigers moeg hier aankom. Ek is jammer! Wag, ek roep my dogter; u sal seker u voete wil was. En die esel. My man is nie hier nie, maar ek sal my seun roep om na die esel om te sien. Kom sit . . .

(ROEP AF)

Dalina! Ons het besoek ontvang, my kind. Gaan haal gou nog water. En roep jou broer dat hy die esel kan versorg. Maak gou, dis al amper donker.

Ek bring solank vir u 'n bietjie melk. Maak u tuis, my man sal nou-nou hier wees . . .

(DOOF UIT)

1e Vrou: Miskien onthou u die klein gehuggie net anderkant Hebron? Nes 'n mens oor die koppe kom, is daar 'n klein plekkie waar net 'n paar veeboere woon. U sal seker so teen die middag daar wees. Daar is min mense en ons ken nie iemand daar nie, maar daar is wel 'n fontein waar die vee suip. Miskien kan u daar vertoef tot die ergste hitte verby is. U sal dit maklik herken: daar is gewoonlik kinders en troppe vee in die omtrek. Ek verstaan die fontein is besig om op te droog, maar daar sal sekerlik nog water wees vir u en die esel.

Maria: Dankie vir jou sorg, Vrou. Ek sal daar vertoef.

1e Vrou: Daar is 'n paar olyfbome langs die fontein; u sal dit maklik raaksien.

Maria: Vrede vir jou en jou huis. En dra my dank oor aan jou man.

(POUSE)

En mag jou kinders vir jou vreugde bring . . . Tot siens.

1e Vrou: (GEDEMP)

Watter pragtige dag! Die heuwels is byna wit van die son. En watter geseënde vrou . . .

(DOOF UIT)

(KINDERSTEMME WAT LAG EN ROEP IN SPEL)

Stemme: Oppas, oppas, hy's weg . . . daar gaan hy . . . keer! Keer hom!
Daar, agter die olyfboom! Keer!

(STEMME EN GELAG VERSTIL SKIELIK)

Maria: Kinders . . . daar is glo 'n fontein hier naby . . . Kan julle . . .
O, wag, daar is iemand . . .

(HUIWEREND)

Goeiemiddag, Vrou. Ek is op reis deur hierdie streek. Hulle sê daar is 'n fontein hier waar ek water kan kry . . .?

2e Vrou: 'n Fontein? Nie veel van 'n fontein meer nie, maar daar is nog genoeg om van te drink. Kom hierlangs, dis 'n bietjie klipperig; 'n mens sou nooit kon dink dat daar 'n fontein kan wees nie.

(GELAG VAN KINDERS IN DIE AGTERGROND)

Maria: Solank daar genoeg is om die esel te laat drink.

2e Vrou: Daar is baie min water oor . . .

Dit reën nie meer hier nie.

Kyk hoe lê die stof op die blare. En die stof as die kinders so speel . . . Dit reën nie meer nie.

Maria: Het u iets waarmee ek kan skep? Asseblief?

2e Vrou: Net 'n kruik. Kyk die barse . . . Die klei het ook al opgedroog hierlangs, ons kan nie nuwe kruike maak nie. En kyk die vee; hoe maer is hulle. Daar het in maande geen lam aangekom nie. Dis 'n dor streek hierdie. Vrou . . .

Maria: Dankie, dis goed genoeg. Ek wil net my gesig afspoel en die esel iets laat drink. Dis nie meer so ver na my bestemming nie.

2e Vrou: Jy kom van ver af, Vrou.

Maria: Van Jerusalem.

2e Vrou: Jerusalem . . . So ver.

Maria: Ver ja. Maar ek het byna my bestemming bereik. Nog net 'n uur of twee. Die vallei agter daardie berg. Van Hebron af gaan dit makliker; ek is vroeg al daar deur.

2e Vrou: Reën dit nog daar?

Maria: Reën? In Hebron?

2e Vrou: Jerusalem. Reën dit nog in Jerusalem?

Maria: (STADIG) Dit reën ja; soos gewoonlik.

2e Vrou: Hier dou dit nie meer soggens nie . . .
Die olywe sal nie weer dra nie.

Maria: Maar dit sál weer reën; in hierdie hitte . . . Kyk hoe pak die wolke agter die berg van Juda saam.

2e Vrou: Die olywe sal nooit weer dra nie.

(POUSE)

Wil jy nie sit nie? Hier is nog skaduwee.
Ek kan sien jy's moeg. Dis warm vandag. Kom sit hier.

Maria: Dankie, maar ek kan nie lank vertoef nie. Ek wil voor sonder by my mense wees.

2e Vrou: Jou mense? Woon hulle hier naby?

Maria: In die klein vallei agter hierdie berg. Nog 'n uur se reis.

2e Vrou: Dis nog baie warm. Rus eers.

(KINDERSTEMME EN GELAG OP DIE AGTERGROND)

Ek weet nie hoe kan die kinders in hierdie hitte speel nie. Kyk die stof . . .

Maria: Dis mooi om kinders te hoor lag. 'n Mens vergeet so maklik.

2e Vrou: Het jy kinders?

Maria: Ek . . . hét . . . 'n Kind gehad, ja.

2e Vrou: 'n Seun?

Maria: 'n Wonderseun. Maar Hy was nie myne nie.

2e Vrou: Het jy Hom aangeneem?

Maria: Ek het Hom . . . ontvang. Vir 'n tydlang . . .

2e Vrou: Ek verstaan.

Maria: Miskien verstaan jy tóg nie. Jy sien . . . Hy wás . . . my Seun.
Maar Hy het my Vrou genoem . . . Jy sal nie verstaan nie.

2e Vrou: Ek verstaan. Ek wéét.
'n Vrou behou haar seuns nooit nie.

(KINDERS LAG IN DIE AGTERGROND)

Hoor hoe lag die kinders . . .

Maria: Hulle voel nie die hitte soos ons nie.

2e Vrou: Waar is jou Seun? Vertel my van Hom?

Maria: Daar is so baie om te vertel; jy ken dit seker alles self.

2e Vrou: Maar vertel my dan van jóú. Jou verwagtinge, jou drome. Was jy ooit bang dat jy Hom sou verloor? Het Hy met jou gepraat? Hoe het Hy gelyk as Hy slaap?

Maria: Daar was 'n lang reis een tyd — ons was op pad na Egipte . . . Ons het in die nag gereis. Dit was koud en ek het gewonder of Hy weet waarom dit alles gaan; dié lang reis, altyd in die nag . . . Een aand het dit gereën. Daar was niks om Hom teen die reën droog te hou nie. Ek was bang Hy word siek. Daardie aand het ek gehuil. Maar Hy was tevrede. Hy was nie 'n gewone Kind nie. En Hy was so klein nog, tóé . . .

2e Vrou: Jou oë is so rustig as jy van Hom praat. Ek kan sien jy het nooit baie oor Hom bekommer nie. Hy moes baie gesond gewees het. Mý seun . . . Ek onthou sy lag. 'n Mens kan 'n kind altyd herken aan sy lag. Hy het baie gelag toe hy 'n kind was . . . Het jou Seun ook gelag?

(STILTE)

Maria: Jy begryp so goed.

Ek weet jy het baie gely. Maar jy moenie huil nie. Vrou. My Seun . . . daar sal 'n beter tyd kom vir ons. Jy moenie huil nie.

2e Vrou: Ek is jammer; ek moes nie met jou gepraat het nie. Maar dit was so vreemd om 'n vrou hier te sien; hierdie plek waar dit nie meer reën nie . . . hier kom so selde besoekers.

Kyk, die fontein is byna droog . . .

Kyk die stof as die kinders so speel . . .

Dit reën net in Jerusalem.

Maria: Dit sal weer hier reën. Ek kon dit voel vandag; die lug was swaar van die reën.

(DIE KINDERS LAG WEER)

En hoor hoe lag die kinders! Dis mooi om kinders te hoor. As 'n mens oud word soos ons, vergeet jy hoe kinders lag; en hoekom kinders lag.

2e Vrou: Ek het nié vergeet nie, Vrou; dis waarom ek hierheen gekom het vandag. As kind het ek dikwels hier by die fontein water kom haal; ek het nooit gedink ek sal op my oudag nog hier wees nie. Ek het so baie verwag . . . En nou is dit 'n droë fontein.

Maria: Ek verstaan jou so goed. Jy het soveel begrip. Ek het ook as kind water gaan haal by ons fontein. Daardie tyd het dit goed gereën. Alles was groen in die môre.

2e Vrou: Het julle ook die lammers versorg? Ek en my susters het altyd die lammers opgepas wat deur hulle ma's weggegooi is. Ons het hulle aan ons vingers laat suig; ek het so baie daaraan gedink toe ek my eie kinders laat drink het.

Maria: Ons het ons met pluime versier en gespeel in die wind . . .

2e Vrou: Eenmaal het iemand vir ons skulpe gebring. Ons het daarna geluister deur die nag; 'n mens kon die see daarin hoor. Maar ons het die see nooit gesien nie. Hoor hoe lag die kinders . . .

Maria: Ek moet nou gaan; dis nie meer so warm nie. Ek sou graag langer wou kuier, maar dit begin laat word. Miskien kan ons mekaar weer ontmoet as ek terug gaan na Jerusalem?

2e Vrou: Ek weet nie of ek nog hier sal wees nie. Dis 'n dooie landstreek hierdie; die mense trek almal weg.

Maria: Maar ek sal jou graag weer wil sien. Ek het so lekker met jou gesels hier.

2e Vrou: Ons sal mekaar weer ontmoet; eendag. Tot siens.

Maria: Ek sal verneem na jou as ek hierlangs kom . . .

2e Vrou: As hier nog mense is.

Maria: Maar hier sal nog altyd mense wees! Die vee kom suip hier, hier sal tog kinders wees, of vroue wat kom water haal; 'n veewagter . . .

2e Vrou: Miskien.

Maria: Maar na wie sal ek verneem? Ek weet nie wat jou naam is nie!

2e Vrou: Jy kan verneem — na die moeder van Judas; hy wat genoem word: Iskariot.



GRETA SAUERMAN

KREET VAN 'N BLOEISEL

Engele brand in dié hoep-hoep nag
blou skape sluimer onder geel blare;
 ék dink aan rooi paddavisse
wat tussen makaber riete in water speel,
kanaries besprinkel sagte monde
madeliefies word kelke waarin heupe bewe . . .
Oor ons worstel skarlaken voëls:
en jý kan die steenbökkies nié weer
uit jou hart nie, die lelies uit jou tong nie
dan bring jy dié stukkende lammers
 die blomme van jou hande
om my soos doudruppels op te vang.

DIE KARNAVAL

Die skoelappers is dood my lief,
móét ons na die blomme toe gaan
waar goue rûe soos bokke galop
en kitare tjirp geel kanaries?

Meeue kerm in my mond en oë;
papawers, pers eekhorinkies sit
 op jóú heupe . . .
Hóé kan ons na die dans toe gaan
as snikke wit voëltjies is, en
bloeddruppels spartelende vissies?
Sal ons as die bewertjies blêr
en jou hande swart paddas sluit
 om myne?
Ons is geknoop in blomme en wyn
rooi tonge pols, sagte lelies:
 boude skuifel soos blomme
 wit duiwe fluister,
in jóú oë paar die naaldekokers
 en jou glimlag is ver . . .

EMBRIO

Ek dans tussen die papawers
slymerige wit duiwe het trosse
bloeisels oor my mond gewaai . . .
my oë en hande word rooi motte;
in nagte vol singende kinders
het 'n bloeisel gestalte gekry:
waterdruppels, engele hang bewend —
die kroppe van bleshoenders
bloedstippels in die riete.

N. J. SWART

SUIWER MEGANIKA ?

(vir George Herbert)

U het 'n fout begaan, Meneer,
toe u die helder glas weer
regop draai waarin
die blinkte kringend, min,
verstar tot 'n kuilgroen droom
ver onder op die boom,

want met die oorspronklike meet
het u — heel begryplik — vergeet
van wrywings in die atmosfeer,
en steurings, soos donderweer,
en u sterbelaaide wiel
was wankelig en onstabiel.

En 'n reus sal kom, met oë
blind van beelde en moeë
woede, en hoop trotseer
en daardie kuilgroen so begeer
dat hy met 'n enkele pluk,
oor alles die blink glasboom uitruk.

PSIGOSE

Maar uiteindelik het die kring gesluit en ek
kon deur die wit geen groen meer sien nie —
tuin, of varings, of die wind
wat wild voortjaag —
maar 'n halwe honderd klede — vlamme sneeu —
en oë wat roerloos skitter
soos blou glasskerwe teen 'n dooie klip:

'n honderd marmervlinders op 'n ry
en 'n silwermot wou vlerke kry
en styg en soos 'n reënvoël sing
en om en om Saturnus kring,

maar die sleutels in die deure het geweier,
en elkeen vry en flitsend in sy slot gedraai,
om en om,
en voor elke vensterruit
het 'n stil staalblom gepryk.

Maar snags het elke blom blou oë gekry
as sagte vingerpunte teen die ruite trom
soos somermotte,
en ek kon nie meer slaap nie.

Toe was ék op Saturnus,
ver van die homogene kring
en ek wou voor die bodemlose glas gaan staan
en jubel oor my vaalbruin jas en oor my oë,
wat donkergroen en troebel was!

Maar dié wêreld sonder wil
kon hulle maklik binnedring en een
het oor die drumpel, vlak voor my jas gaan staan —
spierwit kleed en oë roerloos skitterend soos . . .

Breek!
Breek fyn! Vermink die blink verraaier . . .
tweehonderd skerwe oor die vloer.
Maar toe ek halfverwonderd oor hom buk,
groeï daar uit elke brokkie wit plafon
twee blink, blou oë.

Toe sou ek mal geword het,
maar bo die stad se swart gemompel
het daar 'n stem geklink,
'n lied!
'n heldergeel ontploffing of 'n waterval
wat stort en breek —
'n onweerswind wat droë blare
tot in my vingerpunte dryf.
Toe weet ek jy sal kom en ek sal wag
todat jy kom
om hierdie blou en wit getik van motte
met 'n stortreën klanke te verdring.

UIT 'N DOP

Bok probeer tevergeefs om die feestelike crescendo daarbuite uit sy woonstel te sluit; om daaraan te ontsnap. Hy word daarin toegespin en gedwing om, soos die ander mense in die straat, uit te gaan op die balkon van sy woonstel en af te kyk na

: 'n Massa bewegende voorwerpe, vermoedelik mense, wat uit volle bors sing/skree; tenks wat stadig straat-af kruip; ander militêre voertuie.

Met die opkyk sien hy 'n ander bedreiging deur die lug sny.

: 'n Eskader vegvliegtuie.

En alhoewel hy die formule ken, wonder hy presies wááror dit gaan, dié geraas.

Sou die meisie met die pienk trui weet? Weet hoekom hulle hier, waar die skurwe speletjies van die bruin kinders hom met walging en verlange vervul het; waar hy een middag geslaan is tót hy moés bly lê, geslaan is tot hy niks meer kon voel nie, gegésel is; waar sy pa diñ agterna aan hom verduidelik het met nog 'n formule: „So word ons almal beproef seun.” Hier, waar hy een middag 'n bottel koeldrank gesteel het. Koeldrank wat soet was in sy mond maar bitter in sy maag, bitter.

Sou sy weet? Voel ook sy nou so: Ingekerker, vasgevang in die hede?

Hel, dink Bok (en besef dat dit nie is wat hy wou dink nie) mens het ook geen privaatheid meer nie.

Selfs sy koerant is deur die fees beset. Daar is geen strokiesprente, geen resensies, geen sportblad nie. Hy skakel die draadloos aan: Kommentaar oor die fees.

In plaas daarvan om, soos gewoonlik, vir homself koffie te maak, begin Bok rond dwaal in die woonstel. Wát soek hulle hier?

Hy, Bok, het nog nooit feesgevier nie. Of is nagmaal 'n fees? Nee. Of is dit? Kersfees? Dit is tog sekerlik 'n rustige, heilige dag — geen fees nie?

Antwoorde bly uit. Tot nog toe was hulle so selde in aanvraag by hom. Die beeld van die meisie met die pienk trui vervaag tot neonflitse, en die vrae word teruggekaats na sy pa, bewaker van die verlede.

Hoe deeglik, pa, het jy my nie geleer nie om te sê: twee maal twee; en om te sê: „Spreek Vader.” Jy was lief vir musiek — ek is ook — veral Bach. Vir Latyn en 'n rustige lewe. Maar nie vir feeste nie. Nou 't jy my ingehaal — bloot deurdát jy tóe sekere dinge verswyg het. Bôgger. Ek kon nou déél gewees het van daai fees. (Wat is 'n fees?)

Maar die feestelikhede doof sy patriargale pa se beeld, sodat net die meisie met die pienk trui vir hom oorbly. Sy sal, sy móét die antwoorde ken. Hy sal na haar gaan soek. Sy sal hom lei, hom die feestelikheid inlei.

Maar nee, dink Bok dan weer, hulle moet vlug, weg en altyd verder!

(Gister het hy haar van Mozart vertel — sy het byna niks van hom geweet nie. Hulle gesels altyd met eerbiedige stiltes tussen hulle woorde).

'n Tweede straler dreun verby.

Bok maak die deur van sy woonstel sag oop, en begin die trappe stadig afklim. Hy moet die meisie kry. Miskien sal sy iewers tussen die menigte wees? Dalk het sy reeds gevlug. Miskien vier sy reeds ook fees, en sal sy hom verwelkom, haar hande na hom uitgestrek, en hom aan haar vriende voorstel.

Aan die ander kant, hy ken die mense van sy buurt. Ontmoet hy een, kan dié hom help om die meisie te vind, of dien as 'n brug na die fees. Daarom begin Bok rondsoek tussen die vrolike mense.

Alhoewel Bok baie van die mense in die skare se gesigte grinnikend of ernstig in die koerant gesien het as „mense in die nuus”, sien hy niemand wat betekenisvol of bekend lyk nie. Dit voel asof hy bloos. Honderde tone loop onder sy voete deur, hy stamp teen tientalle mense en vra sag eerbiedig om verskoning. Die meeste mense sien hom nie eens raak nie: Almal staar na die verbykruipende tenks of roep opgewonde uit wanneer 'n groep vliegtuie laag oor hulle verbyskiet.

Bok gaan staan, kyk op sy horlosie en onthou dat hy gewoonlik hierdie tyd van die aand gaan eet. Ek sal dit nooit weer kan doen nie, dink hy. Niks sal ooit weer dieselfde wees nie.

Dan, terwyl al die mense hulle koppe lig om na 'n bomwerper te kyk, sien hy die meisie. Dieselfde glimlag, dieselfde trui — alles is dieselfde. Dit móét sy wees.

Opeens word alles vir Bok duidelik: Die mense van sy buurt het gevlug maar die meisie het vir hom gewag. Hy moet dadelik na haar toe gaan. Hulle sal sy plate en boeke bymekaarmaak en ook vlug.

Spreek, Vader.

(Maar sal hy dan nooit saam met die ander, soos die ander, een met die ander kan feesvier nie? Hy en die meisie?)

Bok merk nie dat die bevelvoerders van die Leër, Lugmag en Vloot in 'n groot motor verbyry nie. Hy probeer met geweld by die meisie uitkom. Die pienk van haar trui vlam voor sy oë.

Skielik, met 'n hoflike, wrange lag wat nogtans nie die teenwoordigheid van die bevelvoerders beledig nie, pootjie iemand hom. Hy val in 'n doolhof van voete terwyl kanonskote die koms van die generaals begroet. „Mozart is op 'n onbekende plek begrawe,” dink hy terwyl baie voete sy liggaam uit die menigte voer, stadig, metodies, maar skynbaar sonder dat hulle van hom bewus is.

Die meisie met die pienk trui lag heerlik terwyl sy saam met die skare die drie stroewe generaals toejuig.

ROOI MALVAS

Die Karoo loop tot binne-in Martha se voorhuis. Tussen die hanslamers deur wat sy op poeiermelk probeer grootkry. Oor die werf duskant die noorse en die k'roobos tot by die verlepte akkertjie malvas wat sy elke derde dag stilletjies met 'n kannetjie water natgooi. So loop die vaalte platvoet tot by die stoep. Dan klim dit die kliptrappies op en loop gang af al langs die linoleum tot binne-in die kombuis.

Die kombuissout klam nooit meer aan nie. Dit bly droog. En die botter bly bitterlik sout. Martha kan g'n soutigheid veel nie, maar die bietjies room moet maar ophoop en ophoop tot daar genoeg is vir karring en sout is darem beter as galsterigheid.

Die windpomp draai. Eintlik vir leiwater in die lusern waar Gawie die grootuiers hou. Martha lag oor die malvas. Haar man sal stuiptrek as hy moet weet van die kannetjie se dinge.

Martha hou van malvas.

Dis darem 'n rooiseltjie so teen die asvaal. Al is as grys. Martha lag weer. Martha lag maklik. Vaal is vaal, watwo! Die ou wat dáar die een uitgedink het, is gepik in die bol, dink Martha.

Baie dae dink sy sy't self 'n pik weg. Nes ou Sara wat só geraak het toe die swartes haar kind steel en opkerf vir toorgoed. Nou nie dat sy wat Martha is, angste uitstaan oor haar kinders in die dorp se koshuis nie. Maar ou Sara — Christenmens soos sy is — werk op haar, so met die kastroleksels saam. Deesdae is daar nie meer struispraatjies nie en Martha is een vir gesels. Die hansies is wel soos skoothondjies agter haar aan vir die bottel en die tiet, maar 'n skaap bly 'n skaap. En die partylyn bly besig. Dié dat sy baie dae dink sy 't self 'n pik in die bol as die wolke kom en sommer weer tru staan en als bly vaal en verlep tot sy aan 't skree wil gaan op Gawie by die lammerkampe waar die vrekte die swaarste is.

Nou praat Martha maar met die malvas. Sy lag hulle uit oor hul kamtige klagtes van 'n bloekom wat nie meer skade gee nie oor die droogte hom ook gevat het.

„Ondankbare goed!” raas sy, as die derde-dag kannetjie oor hulle omdop. „Sluk en groei la'k sien!”

Dan word die malvas bloedrooier van skaamte en sy troos: „Toe maar wat, my liefies. Eendag is eendag dan staan een van julle ook strakies in die blou pot op die vensterbank in die voorhuis.” Martha vat suur-tjies aan 'n malva. „En as mens net vir een week in diep waters staan, dan kan jy maar dood, want dan het jy tog geleef.”

Martha sug. Maandag lê nog so ver. En iedere Maandag pluk Martha 'n rooi malva en 'n paar groen blare. Sy sit selde in die voorhuis. Dis waar. Maar as sy verby loop kombuis toe, voel dit kompleet soos 'n kuiermens.

En toe op 'n dag kom die telefoonman om hulle op 'n nuwe partylyn te sit. Gawie was dadelik dik die duiwel in.

„Verbeel jou, óns twee kortes en 'n lange!” het hy aanmekaar geraas. „'n Man raak mos jou lui gewoond so deur die jare. En nou moet ek in my ouderdom beginne ore spits vir vier kortes wat nog ammelee ou Maans Turksvydrif se lui was. A nee al!”

Martha het maar net gelag en geloop om die vier-uur koffie te skink. Met die skinkbord so voor haar magie gestut, was sy glad nie onaansienlik nie. Bowendien kon die telefoonman nog nooit vattigheid kry aan 'n vroumens wat soos 'n telefoonpaal lyk nie. En haar koffie is sonder moer. 'n Wewenaar kry nie elke dag so 'n gelukkige nie.

Toe die poskantoorvolkies sien hulle word nie aangeja nie, was dit so goed as trapsuutjies. Om ysterpale te plant, is nie elke man se werk nie. En die boor het gedreun en gedreun dat hoor en sien vergaan.

So saam met ou Sara se kastrolle se rumoer, moes Martha eintlik aardig geraak het. Maar sy het nie. Want dié boor was nie sommer net 'n boor nie. Iedere dag was dit of sy stem harder praat met die klippe. Maar daar was ook 'n sagtigheid soos in Martha se stem as sy met die malvas praat.

„Ek is g'n haastig nie,” het die boor gesê. „Dis lekker hier tussen die noorse en die hansies en die k'roobos.”

Deesdae was die koffieketel pal op die stoof geskuiwe. Tydig en ontydig is skinkborde aangedra na die telefoonman wat jou waarlik elke dag skeer. Eers net buitentoe waar die volkies vir die witman se belustigheid kon grinnik. Later voorhuis toe na die rooi malva op die vensterbank.

„Dis nou vir jou 'n ding,” het die man daardie eerste dag gesê. „So 'n blom in so 'n droogte!”

En toe kyk hy na Martha wat skielik knaend begin hare was het in die wasgoedwater.

„Jy moes dit Maandag gesien het,” het Martha gesê. „Daar's niks soos diep waters om 'n ding lewe te gee nie. Al is dit ook net vir 'n stonde.”

En toe kyk Martha na hom.

Die telefoonman het haar hand gevat en sy het dit nie weggetrek nie. Net gehoop hy kom nie die bietjie sweterigheid agter nie. Februarie is nie speletjies nie al gebruik 'n vroumens ook ál laas Krismis se lekker-ruikbottels gelyk.

Vir Martha was die laaste paal se plant amper erger as 'n doodstyd. Maar toe die boor vassteek, het sy gelag dat haar magie skommel.

„Ons sal moet skiet,” het die telefoonman gesê. „Die drade moet nou op. Verbykomkans is daar nie meer nie.”

„Gawie is nie 'n ou vir dinamiet nie,” het Martha dikmond geword. „Hy's reeds so beduiweld oor die nuwe lui en my senuwees sal dit nooit hou nie.”

„Goewermentsorders,” het die telefoonman gesê. Spytig. En toe paaierend: „Jy't mos darem vir ou Sara by jou.” Martha druk al wat haar-naald is dwarsdeur haar bolla. Haar oë begin traan tot die telefoonman praat: „Ek is jammer, ou ding,” sê hy. „Sulke koffie kan 'n man nooit vergeet nie.”

Martha lag.

Toe die skoot die dag afgaan, het ou Sara voorskoot oor die kop gegooi en gillend onder die kombuistafel verdwyn. Martha het voorhuis toe gehardloop waar die telefoonman haar later op die riempiesbank gekry het — kop en pootjies — met albei haar oë en ore styf toegedruk. Foei, het hy gedink en albei sy arms vir die eerste keer om haar geslaan. Van agter. Kompleet nes iemand wat wil vang en opkerf en wegdra vir toorgoed nes ou Sara se arme, arme kind.

„Sara! Sa-r-o-e!!”

Sy't geskree tot ou Sara haar eie skrik moes hamba om die broodmes te gryp. Op die voorhuis se mat het haar miesies toe-oog gelê. So sweerlik afgesterwe. Auk! Sy het in Xhosa na haar voorvaders geroep om die witbaas reg te sien met die mes. Die telefoonman het nog net tyd gehad om die naaste water oor die „lyk” se slape om te keer, toe storm sy.

Sononder het Gawie by die huis gekom. Die hanslammers het platpens agter hom aan getou. Al wat paal is, was geplant, al wat draad is, was gespan en die werf was so skoon soos 'n pas geskropte vloer.

„Ysterklip,” gryns hy tevrede. „Vuilgoed se dinamiet, maar dit sal hulle leer! Asof die oorle twee kortes en 'n lange nie genoeg rampsaligheid bring nie . . . !” Sy kreun. „En wat lê jy so heller oordag op die kooi, hê?”

„Dis my kop,” sê sy vrou wat nooit iets makeer nie. „My kop kon die lawaai nie vat nie en toe keer hy die blou blompot oor my om en toe —”

„Wat?” kners Gawie op sy winkeltande. „Toe wát?”

„Niks!”

Martha huil.

Oor asvaal droogtes en rooi malvas en ou Sara se ontydige, simpele broodmes.



SÊ NICI

Die meeuë het moeg geraak van branderry; hulle help nou om die skemer oor die water aan te jaag. Tot donker hom by die hok injaag, hoor ek hulle die laaste van die dag moegspeel.

Hoogwater bring sy skulpe en jellievis aan. Alles offers vir môre.

Môre.

Ek moet verder terugsit, sodat die see my nie nou al kan kry nie. Net 'n voorsmakie vir die sproeireën wat oer die rotse spring, om te voel of ek al vetgeword het.

My gedagtes bly wegloop om aan die esplanade-ligte te wei. Hulle moet nou klaarmaak, sodat ek die huiseienaar kan betaal; hulle in sy kraal kan jaag. Dit moet voor môre geskied.

Waarheen dwaal die klomp nou so af? Net nie om Nici te gaan groet nie! God, dit gaan weer tot môre neem, en dan is die huis toegesluit.

Kom, die ouman . . .

Sy staan swart haarslierte en bleek bene op die rots. Daar is seegras om haar enkel, en sy voer die golfies, wat oormekaar klim, met ronde klippies.

„Ek het net kom groet, maar jy is besig, lyk dit my.”

Sy kyk met Sjinese-blou oë en wit, wit oogwit na my. Ingedagte van die voerdery. Ek weet nie of sy my raaksien nie; tel maar die klippies in haar palm.

Daar is donker maalkolke in haar hoë wange. Sy fluit die golfies nader; staan bietjie weg van my af.

Nog net 'n paar klippies; waarom staan sy dan so stil? Ek weet: Ek kyk van te naby af na haar. Die see-bamboes leun ook oor om te sien.

Dadelik steek die swart flardes haar gesig weg.

Sy spring tot op 'n kleiner rots; en daar is meer son op myne.

Wag, moenie wegvlieg nie . . .

Die meeuë duik af en keer haar. Net lank genoeg dat hulle weer kan weggaan, bly sy staan.

„Wag, ek het kom groet, Nici.”

Sy verloor spore in die sand sover sy gaan, en ek loop agterna om hulle vir haar op te tel. Eers by die duine het ek hulle almal.

Ons het 'n balke-hut daar, onthou ek, en help haar om die spinnekoppe weg te jaag. Nes sy nie meer bang is nie, sal ek groet en in die nuwe huis gaan bly.

Sy het net die oë en kuile in haar wange; geen naam nie. Maar die kraaie noem haar Nici wanneer hulle elke aand kom koshaal.

Nici, doop ek haar in die reën, tot die nag aan flardes hang. Die jaloerse kraaie wag die hut vol — regters op al die balke.

„Ek het net kom groet,” sê ek vir hulle.

Nici sê hulle kan net haar naam sê.

Die swartste een roer sy vlerke eerste. Ek staan weg, sodat ek hom kan verwilder. Maar die ander kom ook nader.

Hulle kan net Nici sê.

„Ek het net kom groet,” sê ek vir almal.

Nici bly in die hoek staan; knik net met haar kop. Haar oë is ingedagte besig met voer. Die voorste kraai vat my eerste, en hulle maak die tralies toe.

„Dit is Alleen,” sê sy uit die hoek, en ek steek my arm deur om hom te groet. Hy kan net Nici sê.

Die kraaie vlieg met haar oë weg; maak nes in haar wangholtes.

„Nici,” sê die wagter elke môre; voel aan my arm.

„Ek word maer,” sê ek.

„Hy sê: „Nici.”

Die nuwe huis sal beter wees.



DRIE PROSAS

RESITASIES

Hermanus Burger was 'n ryk man. „Dis hy wat vir Stoffontein so klein hou. Hy besit mos die hele aarde.”

Aan elkeen van sy vier seuns het Hermanus 'n tamaai plaas gegee. Soos Skeel Willem altyd sê: „Die aarde is darem maar onregverdig. Ek kan die meeste vannie tyd nie eens 'n lekseltjie botter bekostig nie en daar gaan val die vier kinnere van ou Vet Hermanus elkeen kaplaks innie botter.”

'n Mens kan miskien vir Skeel Willem genoem het dat hy dalk af en toe 'n pond botter sou kon koop as hy nie die hotelstoep so gereeld besoek het vir sy dors nie want dié water kos nogal geld. Meer as botter. Maar 'n mens noem nie sulke dinge nie en geld en goed bring baie keer ook nie geluk nie.

So was die jongste seun van ou Hermanus — snaaks. Hy was nie mal nie, hoor, selfs met volmaan het hy nie erger geword nie. Manus se snaaksigheid het daaruit bestaan dat hy nie wou boer òf anner werk doen nie. „Ek verafsku die boedery, oom Hennerik, en vir 'n baas werk ek nie. Dan skiet ek myself liewer. Nee, daar is net een ding in die lewe wat ek wil doen, ek wil verse maak.”

Nou is dit so dat 'n mens meeste dinge kan aanleer. Die een is handiger as die anner, en darie een het bietjie meer verstand as hierie een maar dieselfde jop kan darem deur baie mense op 'n manier gedoen word. Maar nou is daar tog ook 'n paar joppies waarvoor 'n mens gebore word. Die maak van prentjies waarop dit lyk asof die goeters ennie mense lewe, is een daarvan. Ennie maak van 'n goeie resitasie is 'n anner.

Of Manus Burger nou gebore was vir die maak van resitasies, wie sou kon sê . . . Hy het probeer en dit was nie genoeg vir hom nie, hy wou opsluit 'n lewe daarvan maak.

Nou is dit met dié ding soos met die maak van prentjies. Die ou mense het 'n kind die huis uitgeja wanneer hy sê hy wil prentjies verf vir 'n lewe. En hulle was reg. Dis selde of ooit dat 'n mens 'n lewe daaruit kan maak. Ennie resitasiebesigheid is nog erger.

Manus het op sy plaas gebly en sy boedery het sy eie gang gegaan. Ou Hermanus was self maar agterdochtig oor hierie kind van hom en

hy het vroegtydig gesorg dat Manus goeie en getroue werksvolk op die plaas het.

Nee, Manus was nie van ons soort nie en hy het hom ook nie as een van ons beskou nie. As hy innie stad gebly het, sou hy seker vir hom 'n vrou vannie kunstenaarsoort gesoek het, een van die wat konserte hou of in die tonele speel. Hier was daar net die Laerskool op Stoffontein ennie Hoërskool verder weg op Klipberg. Ek bedoel natuurlik nou nie die skoolkinnners nie, hoewel die, veral innie Hoërskool, ookal beginne rondkyk. Maar Manus sou nie met kinnners lol nie.

En die onderwyseressies het gekom en gegaan. Gewoonlik vars uit die kollege en gewoonlik die wat nie innie stad se groot skole 'n joppie kon kry nie. Hier en daar was daar ook een wat net uit annersgeit hiernatoe gekom het, maar hulle was min. Soos ek gesê het, as 'n mens baie eerlik wil wees dan moet jy erken dat die wat ons kry wat lyf en gesig en verstand aangaan, nie juis die room vannie oes is nie. Tog staan die kêrels gewoonlik tou om vir hulle te gaan kuier. As ek reg onthou, is daar mos 'n spreekwoord gemaak dat die koningin innie land vannie blindes net een oog norig het.

Ook Manus Burger het by Klipberg se hoërskool 'n onderwyseressie raakgekoop wat geglimlag het wanneer hy van sy goed aan haar voorlees. Sy het graag geglimlag soos meisies maak wanneer hulle in 'n man se geselskap is en mooi tanne het. Maar Manus het gemeen dat hy iemand gekry het wat verstaan en belangstel. As sy glimlag wanneer hy 'n grappige versie voorlees, het hy gereken sy verstaan en as sy glimlag wanneer hy van sy ernstige werk lees, dan het hy gereken sy stel belang.

So terloops het sy by die kinnners gehoor dat Manus se Pa Ryk Hermanus Burger was, 'n man wat goed vir sy vier seuns gesorg het.

Sy het nie nee gesê nie toe Manus vir haar eers 'n resitasie opsê en haar toe met goed gekose woorde vra of sy met hom wil trou nie.

En Adele was, as 'n mens alles bymekaar tel, glad nie 'n sleg vrou vir 'n boer nie. Sy was 'n praktiese vrou wat haar man aangespoor het om bietjie meer na sy boerdery om te sien. Manus se broers het die wêreld van haar gedink.

Ai, man, sy was 'n nooi wat 'n man sommer aangestaan het. Pikswart hare en altyd bruin verbrand. En so 'n lewendige entjie mens. Skaars sit jy, daar kom sy ingewip met die koffie ennie beskuit.

Hulle was nog glad nie lank getroud nie toe sy sommer eendag so uit die bloute by my begin uitpak. „Wat werk Manus vandag?” het ek gevra innie stilte ná die groetery om die geselskap aannie gang te kry.

„O, oom Hennerik moenie dink hy werk nie, hy sit weer iewers op 'n kop en rympies uitdink. Party aande het die son sy lippe rou gebrand. Hy kom dit nie eens agter nie. Sy boerdery gaan dag vir dag agteruit, een

van die dae sal hy nog bankrot speel en waarvan moet ek en die kinders dan lewe? Hy sal nie omgee nie, dit weet ek, hy sal daar op 'n kop sit en van honger doodgaan. Sê vir my, Oom, hoekom kan die man nie soos die ander boere wees wat agter hulle volk en hulle diere kyk nie, hoekom moet hy alewig foeter met die gedigtemakery? Hy het tog buitendien nie die geleerdheid daarvoor nie."

„Ja, Adele, dit is soos jy sê, dis jammer dat Manus nie bietjie meer sorg aan sy boedery gee nie. En Manus het eenkeer vir my uit 'n boek voorgelees dat die gedigtemakery een van die min ambagte is waarvoor 'n mens nog nie geleerteit norig het nie." Adele was 'n verstandige vrou en glad nie lelik nie maar ek het gevoel dat ek regverdig moet wees en darem vir Manus ook moet opkom. Hy het mos baie keer vir my kom kuier en dan het hy altyd oor sy resitasies gepraat.

„Ha . . . ha . . . Oom Hennerik laat my lag. Ek gee persoonlik nie vir die goed om nie maar as daar nou iets in gesteeek het, as hy die goed kon verkoop, as hulle die boek sou druk en die mense sou dit koop, dan was daar nog iets voor te sê, maar weet Oom, ek het hom self gehelp, ek het van die goed mooi netjies oorgeskryf en 'n uitgewer se adres gekry en dit vir hulle gestuur. En weet Oom wat skryf hulle terug? Wag, ek moet die brief hier in 'n laai hê, hier langs die messe dink ek. Ja, hier is dit. Ek lees dit vir Oom.

Geagte meneer Manus Burger,

Ons heg hiermee ons keurder, 'n vername en belangrike letterkundige se verslag aan. Ons hoop dat dit vir u tot nut sal wees. Aan die hand daarvan is dit natuurlik ongelukkig vir ons onmoontlik om u verse uit te gee.

Met vriendelike groete, die handtekening kan ek nie lees nie.

Maar nou moet Oom hoor wat hier op die tweede bladsy staan: Hierdie kleurlose versies laat slegs 'n indruk van matheid en leegte. Ek kan dit beslis nie aanbeveel vir publikasie nie. Nou toe, wat sê Oom nou?"

„Ja, Adele, ek weet nie, die geleerde mense is ook nie altyd reg nie. Jy weet die spreekwoord sê: Hoe geleerder, hoe verkeerder." Waarom ek die dag virrie man opgekom het, weet ek nie mooi nie, ek het mos self ook gedink sy resitasiemakery is nonsens.

„Ja, oom Hennerik Vermaak, en dis net altyd ongeleerde mense wat graag so sê."

Ek het gesien dat ek ennie vrou rusie sou kry en opgestaan en gery.

Snaaks hoe 'n mens is, ek het nogal heelwat aan die Manus Burger gedink. Ek meen, daar was geen rede voor om 'n man te bejammer wat so met sy agterent innie botter beland het en dannie van sy kanse ge-

bruik wil maak nie, maar dis nou eenmaal so; daar is perty sulke mense wat jy net sonner rede jammer kry.

En ek kon ook nie verstaan waarom die mense nie 'n boek vannie man se goed wou maak nie. Ek meen, 'n boek is tog maar 'n boek en darie soort ding word tog in elk geval nie gelees nie.

Toe hy weer daar by my uitslaan, het ek probeer om hom bietjie raad te gee: „Man, ek dink jy moet die goed meer maak soos die resitasies wat ons op skool geleer het, die het mense mos nie omgee om in 'n boek te sit nie, en jy weet die goed was nogal mooi ook, hulle het my perty dae skoon aangedaan laat voel. Jy weet, so iets soos: ‚Buite innie sneeu, lê 'n hondjie dood' of ‚Jong Loginvaar kom uit die Weste, innie hele buurt was sy perd die Beste.’ Jy weet, dis net omdat sy perd so goed was dat hy later skoon onner die spul agtervolgers kon uitjaag anners was dit bokveld toe met hom. En 'n rêrige mooi een wat ek op skool geleer het, was: ‚Wie het vir mossie doodgemaak? Ek kan nie meer die ding se middelste stuk onthou nie maar die end het so gegaan:

„Allie diere en allie voëls
wou vir aasvoël moor
toe hulle vannie dood
van mossie hoor . . .’

Maar die man het net wit in sy gesig geword. Here ! het hy gevloek en weggestap daar by my dam verby. Hy het omtrent 'n uur later eers teruggekome en toe was hy so haastig om te ry dat hy na geen raad meer wou luister nie.

Vir 'n lang tyd het ek hom nie weer gesien nie. Ek was een of tweemaal daar by sy plek aan maar hy was nooit by die huis nie. En ek wou nie weer met die vrou oor hom gesels nie. Dan het ek maar net haastig koffie gedrink en gery.

Dit was maande later toe hy weer virrie eerste keer hier by my uitgeslaan het. En toe was hy baie opgewonne. „Ek het baie gedink en gelees innie laaste tyd en nou skryf ek 'n anner soort vers, ek het aangepas by die moderne mens en hulle beskouings en skryfwyse. Dis al wat 'n mens kan doen, oom Hennerik, 'n mens moet bybly, en ek moet ook sê ek is nie spyt oor die veranning nie, oom Hennerik. Kyk bietjie na hierie jongste vers van my,” en hy druk 'n stuk papier onner my neus, „kyk bietjie daarna, Oom. Dis 'n deernisvolle beskouing van hierdie wêreld innie moderne idjoom. Maar dis nie al nie, oom Hennerik Ver-

maak, dis nie al nie, 'n mens kan die ding op baie maniere verklaar. En dis hoe 'n mens vandag moet skryf, oom Hennerik, jy moet suining wees met die woorde, jy moet die lesers ten duurste laat betaal vir elke woord. Kyk Oom nou na darie afskrif wat ek vir Oom saamgebring het en sê vir my of Oom ooit sou dink daar lê soveel agter die woorde weggesteek:

Naamloos

'n klip
is 'n klip
is 'n klip
is 'n klip
is 'n klip
is 'n Klip
Is 'n Klip
IS 'N Klip
IS 'N KLIP

Sê nou vir my, verstaan Oom iets daarvan? Oom Hennerik hoef nie skaam te wees om nee te sê nie. Ek is seker 'n professor sal 'n hele paar dae vir darie gedig nodig hê. So oom Hennerik kan maar gerus sê oom Hennerik maak nie kop of stert vannie vers uit nie."

„My magtie, Manus, dink jy dan ek is 'n pampoen. Die ding is natuurlik nie maklik nie maar ek dink ek verstaan hom. Dit gaat oor die noordelik hoek van Verneukkraal, jy weet daar waar jou paadjie op my grond indraai. Jy kon die ding nie Verneukkraal genoem het nie want dit gaan nie oor my hele plaas nie, dis net darie noordoostelike hoek wat so baie klippe het. Anner plekke is daar mos darem heelwat grond tussenin. Nou ja, dan gee jy 'n beskrywing vannie berghang. Agter elke klip lê nog 'n klip en so hou dit aan totdat jy bo by die kranse kom waar die grootste klippe is en die het jy toe met hoofletters gemaak. Nee, man, ek moet sê, daar is nogal iets innie ding, jy het die klippe mooi agtermekaar gesit."

Ja, man, baie keer het ek self gedink die man se vrou wat nooit 'n goeie woord vir hom gehad het nie, is reg. Dink jy nou hy was dankbaar toe ek vir hom so mooi verduidelik het wat daar aangaat? 'n Mens sou tog dink die man sou bly wees om iemand te kry wat die ding kan verstaan, ek dink hy het dit self nie eens so mooi verstaan as wat ek dit vir hom uitgelê het nie.

Maar moenie glo nie, boeta, moenie glo nie. Vader innie hemel ! het hy geskree en koers gekry links vannie dam verby die veld in.

Net voor sonner, het hy truggekom, gegroet en gery.

'n Moeilike stuk mens, as daar ooit een was. En hy het my genoeg aanleiding gegee om dieselfde van hom te dink en te sê as die anner mense. Maar ek het dit nooit gedoen nie.

Selfs nie toe hy weggeraak het nie. Want ek het jou nog nie gesê nie. Hy het sommer eendag verdwyn. Net weggeraak. Perty mense dink hy is dood. Ek dink nie so nie. Sy vrou ook nie. Adele het bitter dinge oor hom kwytgeraak. Soos ek al vir jou gesê het, sy's 'n lewendige entjie mens maar 'n bietjie skerp met die tong. In elk geval sy is hier weg met die twee kinnars na haar familie toe. Na 'n paar jaar, as Manus nog nie uitgekome het nie, sal hulle haar seker toelaat om die grond te verkoop. Intussen kyk Gerhard Burger, die oudste seun, na die plaas en stuur vir haar die geld vannie velle en so aan, heeltemal genoeg vir haar ennie kinnars om van te lewe. Maar sy het lelike dinge van haar man gesê die laaste keer toe ek daar was: „Party mense sê hy is dood maar ek weet hy is nie. Maar ek wens hy was vrek, oom Hennerik. Om 'n arme vrou so hulpeloos agter te laat met twee klein kindertjies. Dis mos nie reg nie. Sy soort deug vir niks nie.”

„Ja, Adele,” het ek geantwoord, „jy het dit ook maar moeilik.” Maar ek dink nog baie keer aan Manus Burger. Snaaks, sulke mense dat 'n mens altyd aan hulle dink. Ek glo nie hy is dood nie. Hy loop maar êrens innie wêreld rond, seker onner 'n anner naam sodat die familie hom nie kan opspoor nie. Die soort mense is mos so. En wee jy, ek kan nie help nie maar as ek so aan hom dink dan kry hom meer jammer as die vrou ennie twee kinnars. Dis seker sonne maar ek kan dit nie help nie. Die man het nie geld of enige iets met hom saamgevat nie. En sy soort sal nie juis werk kry nie, bygesê nog as hy ooit sal werk soek. Hy gaan nog baie honger kry. En ek het vir Marietjie gesê om op te let as daar 'n nuwe resitasieboek kom, as die ding van 'n klip is 'n klip daarin is, moet sy dadelik vir my skryf en ek sal vir haar geld stuur, of ek dit nou het of nie, om drie vannie boeke te koop. Dis te sê as hulle darem nie baie meer as 'n pond stuk kos nie. Vir Marietjie moes ek nog 'n pond as beloning ook belowe, miskien sal dit haar darem aanspoor om op te let.

Malie sê natuurlik ek moet liewer aan die vrou ennie kinnars dink maar die man kon tog nie help dat hy so gebore is nie. Ook die Bybel is jammer virrie mense wat snaaks gebore word.

WAAROM HUIL AL DIE MENSE

Waarom huil al die Mense ?

Ek wens my Pa wil nou kom van die dorp af. Hy is so lank al weg. Ek wou saamgaan maar toe ek wakker word was hy al weg.

Die dorp is 'n mooi plek. Daar is lekkers in die winkels, mooi lekkers. Daar is 'n kafee ook. Daar is koeldrank by die kafee. En daar is 'n plek waar my Pa die sterk goed drink. Goed wat net Pa's drink. Ek kan dit nie drink nie. My pa het my laat proe en dit het in my keel gebrand en ek het verstik. Maar as ek eendag groot is. Waarom huil die Mense so ? Ouma hou my hand was. Sy huil nie.

Ma huil. Boetie Neels huil, Sussie An huil. Oupa huil nie. Hy lyk net snaaks. Hy het baie rimpelplooie. Rimpel plooië.

My Pa is groot, so groot, ek kan nie mooi wys nie want Ouma hou my een hand vas. En as Ouma jou hand vashou, kom jy nie los nie. Ek probeer nie meer nie. Ouma huil nie.

Oupa huil nie. Hy het nou meer rimpelplooie. Rimpel plooië.

My Pa kan baie vinnig loop. Ons het op die berg geloop. Ek het self geloop. Ek loop goed. Toe word ek baie moeg. Bo-op die berg kan 'n mens baie ver sien.

„Pa, kan ons die Hemel sien ?” My Pa het gelag en gesê ek is sy slim seun. Ek is slim. Ma huil. Sussie An huil. Boetie huil bietjie. Ouma huil nie. Oupa huil nie. Ek wonder wat is in die groot kas wat hulle saamgebring het. Net voordat hulle die kas hiernatoe gebring het, het hulle in die kas gekyk. Ma het toe my hand gevat maar ek het losgeruk en weggehardloop. Ma is nie Ouma nie. By Ma kom 'n mens se hand los. Dis 'n baie groot kas. Ek is bang vir die kas.

My Pa sal my saamvat as Hy weer dorp toe ry. My Pa sal my tog saamvat as Hy weer dorp toe ry, wê. Dan kyk ons vir die trein. Tjoeke pak tjoeke pak tjoeke pak tjoekeek. En ek sal Hom die lekkers wys wat ek wil hê. En ek sal bietjie van die sterk goed drink want dan is ek mos al bietjie groter. Daar bring hulle die kas nader. En nou huil Ouma ook. Oupa huil nie. Hy het baie rimpelplooie. Rimpel plooië.

En nou huil Ouma baie. Daar's my hand los. Ek het my hand losgekry ! Ek loop vinnig weg. Nou gaan sy hard praat. Sy praat nie. Die boom het 'n dik stam. As ek agter die stam staan, kan sy my nie sien nie.

Die een Man praat baie. Ma huil baie. Sussie An en Boetie Neels huil ook meer. Ouma huil nog altyd. Oupa huil nie. Oupa het baie rimpelplooie. Rimpel plooië.

Dis 'n groot boom. Die stam is glad. Ek kan nie in hom klim nie. Eendag het ek by die huis in 'n boom geklim. Dit was 'n hoë, hoë boom.

Ma het so lekker geskrik. „Bly sit net waar jy is dat ek jou Pa kan gaan roep. Moenie roer nie ! Mannetjie, as jy vandag lewendig onder kom, sal ek dat jou Pa jou vel aftrek !”

Ek was bang vir die pak. Ek het bietjie gehuil. Ma het my Pa gebring. Hy het 'n leer gebring. Ons het met die leer afgeklim. Hy het my nie geslaan nie. Hy het gelag.

Ek loer vir Ouma. Sy sien my nie. Sy roep my nie. Nou staan ek oop langs die boom. Sy moet my nou sien. Sy gaan raas.

Sy sien my nie. Sy raas nie.

Waarom huil die Mense so ? Ma huil. Sussie An huil. Boetie Neels huil. Ouma huil. En daar huil Oupa ook nou. Oupa lyk baie lelik as hy huil.

Ek wonder tog waar bly my Pa so lank. Hy sou nie gehuil het nie. My Pa huil nooit nie.

Ek wonder wat is Dood en wat is 'n Ongeluk. My Pa is nie Dood nie en Hy is nie 'n Ongeluk nie. As Hy van die dorp afkom, bring Hy vir my lekkers. Ek weet Hy sal. Ek wonder hoekom bly Hy so lank weg.

Kyk hoe stadig laat hulle die kas in die gat ingaan. Miskien is hulle nou ook bang vir die kas. En kyk daar vat Ma en Ouma en Sus An en Oupa en Boetie Neels elkeen 'n handvol grond uit 'n bord en hulle gooi dit in die gat. Dis seker lekker.

Hulle sal weer nie vir my gee nie. Hulle gee nooit vir my nie. Hulle dink altyd ek is te klein. As my Pa kom, sal ek Hom vertel. En dat hulle gehuil het ook, wêê.

Langs die boom lê grond. As ek gou maak, sal hulle my nie kan keer nie. Ek vat 'n groot hand vol. Ek loop vinnig na die gat toe. Ek is bang vir die gat maar ek wil ook so maak soos Ma hulle gemaak het. Ek steek my hand ver uit. Ek gooi die grond in die gat.

Daar gebeur niks nie.

Toe lag ek.



PLANT BOME

Ek plant bome in die woestyn. Harde werk onder 'n harde Son. En ek moes lank dink voordat ek dit gevind het om te doen. Maar nou plant ek dag vir dag bome in die sand.

Dit is waar dat nog nie baie mense kom kyk het na die bome nie. En die wat gekom het, het ongelukkig met 'n doel gekom.

„Man, wat doen jy hier in die woestyn?”

„Ek plant bome.”

„Maar dis waaisand. Hier is nie water nie en dit reent nie hier nie. Geen boom sal ooit hier groei nie. Man, jy moet hier wegkom. Daar is so baie nuttige werk wat jy kan doen. Kom saam met my.”

„Nee, die woestyn het my nodig. Ek doen werk wat niemand anders wil doen nie. Ek plant bome . . .”

Hy het gevloek en geloop.

Later het hulle my 'n slag kom haal. Met geweld. Maar hulle kon nie iets verkeerd vind in my kop nie en hulle het moeg geword vir die stories oor bome. Hulle het my weer laat gaan.

Dit is jammer dat hulle my weggevat het. Al die bome was dood toe ek terugkom. Ek moes weer voor begin.

En eendag het iemand tog gekom om na die bome te kyk. Ek het my bes gedoen om hulle aan haar te wys. Maar ongelukkig was sy blind want sy kon die bome nie sien nie. Toe is sy ook weer weg.

'n Mens moet 'n ideaal, 'n doel in die lewe hê. 'n Mens moet bome plant in die sand.



